2020

die tuinier se GRENDEL-TUINGIDS

JY'S GEHOK. MAAR TUINMAAK IS NIE!





SELFDOEN TUINKUNS
KWEEK MEER PLANTE
PLANT JOU EIE GROENTE
SPEEL MET JOU HARTSGOED



Ek sê gereeld aan my span by Lonehill dat die enigste konstante ding verandering is. Wel, nou is daar veranderings en sommer baie van hulle ook! Dit was 'n baie emosionele en rare oomblik toe ek ons kantoordeur 'n paar dae gelede moes sluit vir wie weet hoe lank, en die slot en ketting om ons tuinhek moes sit. Maar danksy digitale uitvindings en die slimmighede van kuberkundiges gaan ons voort!

Ja-nee, ons span by Lonehill werk almal veilig van hulle huise af, en daarom kan ons steeds vir jou die beste tuinmaakwenke en tuinstories aanbied om jou geselskap te hou in hierdie tydperk van inperking en daarna.

Hierdie innoverende en insiggewende Tuingids vir Grendeltyd 2020 wat jy nou kan aflaai en gebruik, sal jou beste pêl en meer word. 'n Groot dankie aan ons rots by Lonehill, Wendy Moulton, vir ure se werk, kreatiewe idees en pragtige bladontwerp om almal te inspireer. Dankie ook aan Anna en Stephen vir hulle ondersteuning en bydraes.

Al wat oorbly om te sê, is spring weg en geniet dit!
Bly gesond, en lekker tuinmaak.

Tanya

IN HIERDIE UITGAWE

3 Tanya leer hoklesse…

KOSTUINMAAK

5 10 groentetuinwenke
8 Groentesaaigids vir 'n jaar
9 Saai só!
12 Probleemoplossings
14 Gebruik weer en weer

GROND TOE!

15 Wat is bokasji?
17 Geheime vir perfekte kompos
20 DDS - stapelbare komposmaker
22 Laat erdwurms werk!

KWEEK MEER PLANTE

25 Sagtehoutsteggies
27 Hardehoutsteggies
29 Wortelsteggies
31 Blaarsteggies
33 3 planne vir meer echeverias

PRETPROJEKTE

35 Lego-voëlvoerder
36 Koekpan-voëlvoerder
37 Teekoppie-voëlvoerder
38 Rustieke plantblikke
39 Windklokkies
40 Kokedamas
42 Plantetikette
44 Klipkaktustuintjie
45 Verf jou blikke
46 Saai mikrogroente
47 Kweek bolle in water

48 Hoekom roetine saak maak

TUINMAAK BINNE

50 Kweek jou lug skoon
52 'n Plant vir elke kamer
56 Vergroen jou kantoor
59 Toptien potplante

62 Doen tuingim in jou tuin

TUISGESONDHEID

67 Vierkantevoet huisapteek
71 Kruietees

75 Kreatiewe tuinkuns
80 Perfekte heinings
81 Pespatrollie
83 Wenke wat werk!

LONEHILL MEDIA

Uitgegee deur Lonehill Media, uitgewers van tydskrifte: : The Gardener, Die Tuinier, Grow to Eat, Let's Braai, Kom Ons Braai and Open Gardens of South Africa. Besoek www.dietuinier vir meer.

Tanya se hoktydlesse...



www.gardena.co.za

Almal dink ek behoort teen hierdie tyd die meeste dinge oor tuinmaak te weet en is miskien die een tuinier wat die beste voorbereid sou wees vir die isolasietydperk waarin ons nou almal saam is… Maar, soos my oorlede Moeder altyd gesê het, "jy's nóóit te oud om te leer nie my kind!"

So, hier is die lesse wat ek tot dusver geleer het en ook oor hoe om voorbereid te wees en hoekom ek reken jy sekere hulpmiddels en kennis altyd ter hand en insae móét hê. Ek het dit nou eers, tydens my eerste ervaring van om ingehok te wees, agtergekom. In ons 3 acre-tuin is daar normaalweg twee deeltydse medetuiniers wat my bystaan maar nou is dit net ek in 'n hengse groot tuin!

By tye wonder ek wat om eerste te doen aangesien my 'doenlys' nogals lank is terwyl ek boonop my normale werksdag ook moet kaf draf om uitgawes van toekomstige tydskrifte bymekaar te kry en leiding aan my span te gee. Dit is mal, maar dis ook pret!

Hier is my hoklesse tot dusver geleer:

1 Jy moet altyd ten minste drie pakke kabelstroppe ter hand hê, want hulle los baie probleme op soos om gou 'n tipi-raamwerk vir wilde rankboontjies te maak, trellisraamwerke vas te bind, of om 'n brandstofpypie van 'n beneukte grassnyer vas te klamp (meer daaroor later!).

2 Ek het nog altyd vertel hoe handig 'n katoeter is wat 'n tuinslang met een sagte pluk insluk en soomloos opsuig in 'n netjiese rol – ons noem hulle "hose-reel trolleys" wat baie keer in ons tydskrifte bemark word. Ek het drie in my tuin, maar die harde les is dat my 30 m-tuinslang by die groentetuin en die skaduhuis digby, waarin my oorlede Ma se anthuriums en orgideë gekoester word, nie een het nie. Na 'n geveg van 20 minute om die swaar tuinslang weer in 'n netjiese sirkel op te rol, verloor ek dit! 'n Ongedissiplineerde tuinslang kry skielik 'n 'geit' en word soos 'n beserkte mamba wat dié kant toe en dáái kant toe swaai en dan knak hy skielik en boggerôl water kom uit! Sodra ek los is, is nog 'n "hose-reel trolley"die eerste item op my inkopielys en basta!

3 Aangesien ek nou so rond hol met tuinslange om oral in die tuin te kom, het ek agtergekom dat die slange meer gate in het as 'n vlak besproeiingstelsel wat gereeld met 'n tuinvurk besteek word. By nadere ondersoek sien ek die goed is meer gelas as 'n ou fietswiel se binneband met allerlei koppelings – een tuinslang het tien laste in, en met elke las word daar blykbaar 'n stuk tuinslang verwyder wat die ding al korter gemaak het. Volgens my berekening, het al die laste en koppelings meer gekos as wat 'n nuwe en soepel tuinslang sonder knakke en gate sou wees! So, het ek besef ek moet meer aandag aan klein goedjies gee want hulle word die jakkalsies in die wingerd! Stel jou nou voor hoe 'n natuurlik ongeduldige mens nou sukkel as sy met so gelaste en bekoppelde tuinslang in hoeke en draaie moet natlei. Die koppelings haak aan alles vas en ruk toe sommer 'n stuk van my veelvertakte euphorbia af – dis mos nou 'n rede vir baie onverkwiklike taalgebruik! Selfs die honde het gevlug…. Ruk ek verder om dit los te kry, haak die koppelings heel uit en dan staan ek weer met 'n 'dooie' pyp. Teen die tyd wat die lasplek weer gelas is, kan iemand natuurlik sweis met my tong! Les drie is: koop tuinslange van kwaliteit, en as hulle moeg raak, vervang hulle!



Hierdie elegante spiraaltuinslang van Kreator Garden is perfek vir klein tuine en blomakkers. www.klbengineering.co.za



4 Oor grassnyers (en kabelbinders!)… Ek het twee van hierdie monsters vir my tuinonderhoud omdat ek verby fanaties is oor my grasperk, en tot so mate, dat ek glo dat 'n onkruidsaad dalk sal skuil in 'n grassnyerwiel en miskien sal sluipry van een grasperk na 'n ander in die tuin net vir 'n verandering van die toneel van besmetting. So, een is vir een plek, en die ander vir 'n ander plek. Maar, soos die duiwel dit wou hê, wou die een nie 'vat' nie (vir een of ander rede is grassnyerdienste nie 'n noodsaaklike diens nou nie – regtig?). Nadat ek gekyk het vir 'n vonk by die vonkproppe en vanselfsprekende goed soos brandstof en olie, het ek vermoed daar is dieper onderliggende probleme wat genoop het dat ek die vergasser uitmekaar moes haal. Ek het natuurlik g'n idee hieroor nie, maar wel 'n motorhuis vol gereedskap soos 'n hamer. En toe, onthou ek van YouTube. Hulle laat 'n grassnyerdiens aanvanklik soos opehart-chirugie lyk, maar ek was dadelik geïnteresseerd.

Net toe ek diep in die geure van brandstof en olie wou wegraak, kry ek 'n boodskap van ons besturende redakteur, Wendy, met een van haar ferm bevele om pen op papier te kry…Nie een van ons ignoreer ooit haar bevele nie!

Weer eens was 'n kabelstrop handig om gou 'n brandstofpypie tydelik vas te bind. Ek het baie om oor te gesels met grassnyervervaardigers as ons weer saam kan sit, maar vir die huidige is les vier om altyd te onthou om ekstra vonkproppe byderhand te hou en gerus 'n aanlynkursus oor probleemoplossing en die onderhoud van grassnyers te doen. Jy weet nooit wanneer jy dit gaan nodig kry nie!



www.gardena.co.za

5 Jy kan nooit te veel snoeiskêre hê nie en dit maak nie saak wie wat sê nie! Ek is seker dat jy by nou al na joune gesoek het en uiteindelik gevind het, net om agter te kom dat die ding totaal onbruikbaar is. Die lemme is so stomp dat gesnoeide struike se stampunte soos papgesuigde stukke seningrige biltong lyk en die veer tussen die handvatsels is lankal skoonveld. Daarom is les vyf om twee snoeiskêre te koop; een vir jou, en een vir die ene wat eendag wanneer jy weer moet gaan werk op kantoor, na jou tuin sal omsien!

Lekker tuinmaak!

Toptienwenke vir ’n groentetuin



Die beste tyd om ‘n groentetuin te begin is nou, omdat dit die begin van die groeiseisoen is. Jy kan egter enige tyd begin as die gier jou beetvat omdat groentetuinmaak eintlik ‘n jaarlange werk is –selfs in die winter, wanneer ‘n mens al droom en beplan wat jy in die lente gaan plant.

1 Hoekom wil ek?

Skryf neer waarom jy groente wil kweek en bespreek dit met jou gesin. Dit help met beplanning in die toekoms as jy weet wat jy wil hê, byvoorbeeld of jy organies wil tuinmaak.





2 Begin klein

Dit is die raad van alle deurwinterde voedseltuiniers. Groei jou tuin liewer in as wat hy jou oorgroei. Namate jou selfvertroue en kennis toeneem, kan jy met meer groentesoorte eksperimenteer, die ruimte uitbrei en volhoubaarheid probeer bereik.

3 Kry die regte plek

Groente en kruie hou van minstens ses uur sonskyn. Volgens die voorkeurorde kyk die beste plek noord, die tweede beste wes en die derde beste oos. ‘n Plek wat suid kyk, is dalk nie ideaal nie. Soek na skeppende maniere om dit te maak werk selfs al is die beskikbare ruimte ‘n uitdaging.



Hou dit eenvoudig

4

Beplan die uitleg van die beddings só dat dit maklik werk. Ongeag hul vorm moet jou beddings van alle kante toeganklik wees – ideaal gesien, moet hulle hoogstens ‘n meter wyd wees. ‘n Oos-wes-konfigurasie gee aan al die beddings die beste blootstelling aan die son. Paadjies moet 30cm wyd wees anders word ruimte gemors.





Met rykheid en voedingstowwe uit die see, verbeter Bio Ocean die grond se organiese inhoud en waterhoudende vermoë. www.atlanticfertilisers.co.za

5

Bou die grond op

Groente hou van vrugbare, goed gedreineerde grond. Hoe meer moeite jy met die voorbereiding doen, hoe meer sukses sal jy behaal. Spit kompos, goed verrotte kraalmis, beenmeel en 2:3:2-misstof 30cm diep in die grond in. Ander grondvoorbereidingsmetodes sluit in die geen bewerkings- en die slootmetode asook die bou van geligte beddings.

Begin met maklike seisoenale groentes

6

Kies groentes wat die gesin graag eet. Begin met drie tot vyf groentes wat maklik groei volgens die seisoen en klimaat in jou streek. Maklike groentes is bone, beet, spinasiebeet, suikermielies, kruie, soetrissies, somerskorsies en tamaties.



www.mayford.co.za

Volg die aanwysings op die saadpakkie

7



www.starkeayres.co.za

Lees die aanwysings op die saadpakkie voor jy plant. Dit is jou beste gids vir saaidiepte, spasiëring, wanneer om uit te plant en basiese sorg.

8 Versprei die oes

Plant 'n paar sade van elke variëteit elke twee tot vier weke om 'n deurlopende oes deur die seisoen te verseker. Saai blaargroente elke twee weke, peulgroente ongeveer drie weke uitmekaar, wortelgroente ongeveer vier weke uitmekaar en vrugdraende groente ses tot 12 weke uitmekaar.





Kry 'n fungusinnokuleerder soos Root Pro vir beter wortelgroei en die onderdrukking van wortelsiektes. www.ecobuz.co.za







Organiese wateroplosbare misstof van www.proteksa.co.za

9 Benat en voed gereeld

Benat groente gereelder in warm, droë weer. Bemes groentes volgens die variëteit. Wortel- en bolgroente het fosfate nodig, blaargroente het stikstof en kalium en vrugdraende groente stikstof tydens plant en kalium voor blom nodig.

10 Hou boek

Teken soveel moontlik aan – veral die lesse wat geleer word. Dit maak beplanning volgende jaar makliker en keer dat jy weer dieselfde foute begaan.



Groentesaaigids vir die jaar

Hierdie is 'n algemene plantgids vir groente vir die jaar. Planttye wissel egter na gelang van jou spesifieke streek en die spesifieke tipe saad wat jy kies. Raadpleeg altyd die aanwysings agterop die saadpakkies voor jy saai. Die beste gids vir jou aanplanting volgende jaar is om vanjaar goed rekord te hou van die aktiwiteit in jou groentetuin.

	J	F	M	A	M	J	J	A	S	O	N	D
Aartappels	✓							✓	✓	✓	✓	✓
Artisjokke	✓							✓	✓	✓	✓	✓
Brandrissies								✓	✓	✓		
Beet	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Blaarslaai	✓	✓	✓	✓	✓			✓	✓	✓	✓	✓
Blomkool	✓	✓									✓	✓
Boerbone			✓	✓	✓			✓	✓	✓	✓	✓
Broccoli	✓	✓									✓	✓
Eiervrugte								✓	✓	✓	✓	
Ertjies		✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓			
Komkommers								✓	✓	✓	✓	✓
Kool	✓	✓	✓	✓				✓	✓	✓	✓	✓
Mielies (suikermielies)									✓	✓	✓	✓
Pampoen	✓							✓	✓	✓	✓	✓
Patats									✓	✓	✓	
Preie	✓	✓	✓	✓	✓							
Radyse		✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	
Rankbone	✓							✓	✓	✓	✓	✓
Rape	✓	✓	✓	✓	✓						✓	✓
Rubarber								✓	✓	✓		
Seldery		✓	✓					✓	✓	✓		
Skorsies	✓							✓	✓	✓	✓	✓
Soetrissies								✓	✓	✓		
Spanspek en waatlemoen								✓	✓	✓		
Spinasie (spinasiebeet)	✓	✓	✓	✓				✓	✓	✓	✓	✓
Stambone	✓	✓						✓	✓	✓	✓	✓
Tamaties								✓	✓	✓	✓	
Uie		✓	✓	✓	✓							
Wortels	✓	✓	✓	✓			✓	✓	✓	✓	✓	

Om saad te saai



Gardena se Classic Flower Fork het 'n ergonomiese handvatsel wat tuinwerk maklik maak.
www.gardena.co.za

Deur Alice Spenser Higgs

Om 'n droë saadjie in die grond te sit en twee weke later 'n groen puntjie te sien opkom uit die donker grond uit, is opwindend, selfs vir 'n ervare tuinier.

Direksaai

Die meeste groentesaad kan direk in 'n bedding gesaai word en dit is eintlik baie makliker as om met saadkissies te vroetel.

- Voor jy begin saai, gee die voorbereide grond 'n laaste hark, om enige klonte te breek en van stokke en klippe ontslae te raak. Die tekstuur van die grond moet fyn wees.
- Dit is beter om die saad in rye te saai as om dit rond en bont uit te strooi. Saai in rye wat 20 cm uitmekaar gespasieër is.
- Om saad in rye te saai maak dit ook makliker om dit op die regte diepte te doen. Groot sade soos soetmielies, boontjies en pampoen kan 30 – 50 mm diep geplant word, terwyl fyn saad soos wortels, pietersielie en seldery omtrent 5 mm onder die grond moet wees – om seker te maak, kyk altyd na die aanwysings agter op die saadpakkie vir die aanbevole saaidiepte.



Winkelgroente kan nooit so lekker smaak soos tuisgekweektes nie. Ranktamaties se geur is voller. Slaaie is vars en bros en soetbasiliekruid is geurig...die lys gaan aan.
www.mayford.co.za

Groentesaad wat deur vooraanstaande saadmaatskappye verkoop word het 'n 98% of hoër ontkiemingsprestasie. Die rede hiervoor is omdat hulle nie variëteite sal verkoop wat swak vaar nie.



- Die maklikste manier om 'n vlak slootjie te maak is om die tand van jou tuinvurk of 'n stok te gebruik om dit deur die grond te trek.
- Probeer om die saad so egalig as moontlik te saai in die slootjies. As dit baie fyn is, meng dit met mieliemeel wat baie help met egalige verspreiding. Probeer om saad sowat 15 – 20 mm uit mekaar te saai.

- Gebruik jou hark om die saad nadat dit gesaai is liggies te bedek met grond en stamp dit dan goed vas sodat dit kontak met die grond kan maak.
- Benat die saadbedding deeglik maar gebruik 'n sagte sproeier om te keer dat dit wegspoel.
- Hou die grond immer klam maar nie sopnat nie, tot ontkieming plaasgevind het. As dit baie warm of winderig is, sal jy dalk twee keer per dag moet natlei.
- Saailinge kan uitgedun word of oorgeplant word wanneer hulle groot genoeg is om te hanteer. Raadpleeg weer jou saadpakkie om te sien wat die finale spasieëring tussen die volwasse plante moet wees.





Hou jou groente gesond met 'n misstof veral gemaak vir groentetuine. www.talborne.co.za

- Om die saailinge 'n hupstoot te gee, gebruik 'n vloeibare misstof twee weke na ontkieming en dan maandeliks.



Soos die naam sê, ondersteun StartGro die vroegste groeifases tydens plant en verplant. www. Ecobus.co.za

Spaarwenk

Hou oorskietsaad in hulle pakkies in jou yskas om vir langer vars te bly.



As snywurms jou plante vreet, gebruik snywurmlokaas soos aanbeveel op die verpakking. www.proteksa.co.za

Saai in kissies

Dit maak soms sin om liewer in kissies of ander houers te saai as jy nie 'n groot klomp saailinge wil kweek nie.

Maak só:

- Jy kan in enige houer saai as jy nie saadkissies het nie, mits daar dreineringsgate in is. Probeer eierboksies, of houers waarin wegneemkos of vrugte en groente verpak was.
- Was die houers in warm, seperige water, of gooi kookwater oor dit as jy kan, en laat goed droog word.
- 'n Kommersiële saailingmedium is verkieslik bo gewone potgrond omdat dit fyner is en fyn saad makliker daarin ontkiem. Jy kan ook 'n mengsel van palmveen en saailingmedium gebruik.
- Maak die saadkissies vol grondmedium, gooi nat met 'n gieter, en laat dreineer.



- Maak gaatjies met 'n dun stokkie en saai twee saadjies in elke gat – na ontkieming kan jy die swakste een van die twee saailinge versigtig uittrek.
- Bedek die saad liggies met saailingmedium of vermikuliet.



- Gee baie versigtig water.
- Saadkissies moenie in volson gehou word nie, maar eerder in ligte skaduwee op 'n beskutte plek.
- Hou die kissies of houers met saad altyd klam tydens ontkieming en plant die saailinge uit in houers of jou tuin wat vooraf voorberei is.



Die beste raad is om die agterkant van 'n pakkie saad te lees voor jy saai. Dit vertel jou wanneer om te saai, die beste posisie, hoe diep, hoe lank dit gaan wees tot ontkieming en gee stap-vir-stap aanwysings om saailinge te plant.



- Bemes jong saailinge twee weke na ontkieming met 'n vloeibare misstof en dan maandeliks.



Sea Secret is 'n organiese visemulsie-konsentraat wat 'n volledige mengsel van natuurlike oplosbare plantvoedingstowwe en essensiële mikro-elemente vir nuwe en gevestigde plante verskaf. www.starkeayres.co.za

Probleemoplossing

in die groentetuin

1

V: Ek het blomkoolsaailinge geplant en na ‘n paar dae was hulle oortrek met klein groen ruspes. Wat moet ek doen?

A: Al die lede van die koolfamilie (kool, blomkool, broccoli, Brusselse spruite, tatsoi, bok choi en ander) word aangeval deur ruspes. As jy betyds optree, kan jy van die besmette blare afpluk en weggooi of die besmette saailinge uittrek terwyl hulle nog klein is.

Op groter plante en in geval van erge besmetting, sal jy ‘n insekdoder moet gebruik. Ons aanbeveling vir eetbare gewasse is EcoBuz Larvae Pro, wat verdun word en op die plante gespuit word. Dit laat die ruspes vrek van honger en het geen effek op enige ander organismes behalwe die larwes nie, selfs as voëls die dooie ruspes sou vreet, sal hulle niks oorkom nie.



www.ecobuz.co.za

2



Sinkplaathouers van www.rainqueensa.co.za

V: Ek wil graag groente plant, maar woon in ‘n huis met ‘n geplaveide tuin. Hoe kan ek begin?

A: Daar is videos op YouTube waar mense groente tussen die krake van plaveisel kweek maar ons raai jou nou nie aan om dit te doen nie! Houertuinmaak is die oplossing vir geplaveide areas, stoepe en balkonne, of tuine met ongeskikte grond.

Hulle hoef nie te diep te wees nie, 20 cm is heel gaaf, en jy kan omtrent enige ding gebruik wat grond kan hou. Gebruik goeie potgrond as medium en voeg ‘n stadigvrystellende organiese misstof by asook beenmeel. Jy sal jou groenteplante maandeliks moet voed met ‘n wateroplosbare misstof en baie gereeld moet natlei aangesien houers vinniger uitdroog as tuingrond.

3

V: My tamaties dra nie en my blaargroente is yl, geel en lyk alte olik.

A: Waar ‘n mens groente plant maak die verskil. In hierdie geval klink dit asof daar te min sonlig is. Die meeste groentesoorte wil ten minste ses ure volson per dag hê. As jou groenteakker nie genoeg volson kry nie, plant die hoër plante in die agtergrond sodat die kortes nie in hulle skadu hoef te groei nie. Onthou ook dat groente nie noodwendig in ‘n groentelappie hoef te wees nie – jy kan hulle oral in jou tuin plant tussen ornamentele plante wat dieselfde groeivereistes het. Dit help nogals ook om peste en plae te kortwiek.



4

V: Daar is groot vrot kolle aan die onderkant van my tamaties.

A: Dit gebeur wanneer daar 'n kalsiumtekort in die grond is en ook omdat jy miskien te veel stikstof toegedien het. Ongereelde natlei kan ook die oorsaak wees soos, as jy dalk vergeet het om hulle nat te lei vir 'n paar weke en dan wil oorkompenseer met water elke dag vir 'n week. 'n Goeie deklaag kan help om die grond vir langer klam te hou.



5



V: My plante blom, maar dra nie vrugte nie. Wat is fout?

A: Dit klink soos 'n probleem met bestuiwing. Bestuiwers is noodsaaklik so, probeer om bye en skoenlappers na jou tuin te lok deur blomme te plant wat ryk aan nektar en stuifmeel is. Komkommerkruid is byvoorbeeld 'n staatmaker wat vining groei, geil blom, en baie nektar verskaf. 'n Langtermyn oplossing is om 'n wye verskeidenheid blomplante in jou tuin te plant wat heeljaar iets vir alle tuinlewe sal verskaf. Baie kruiesoorte wat ook toegelaat word om te blom, is ideaal.



HERWIN EN GEBRUIK WEER



Die kleingoed gaan hierdie gebruik van eierdoppe geniet. Maak vol potgrond gemeng met saad, maak nat met 'n newelsproeier en kyk hoe dit groei.



Kweek saad of steggies in kartonrolle.



Hou slakke weg van kosbare plante met fyn eierdoppe.



Maak mini ekosisteme met koeldrankbottels.



Maak 'n gieter van 'n melkbottel.

Gaan soek nog goeie idees op

garden TUBE

YouTube



Plant jou groente in ou motorbande.



WEN MET
Bokasji

Deur Anna Celliers

'n Tuinboukunde-professor, dr. Terou Higa van Okinawa in Japan, het in 1982 'n mengsel van uitgesoekte mikrobes bekend gestel wat hy Effektiewe Mikro-organismes (EM) genoem het. Hierdie kultuur het gelei tot 'n neweproduk genaamd bokasji wat beteken "gefermenteerde organiese materiaal" – 'n mengsel van spesiaal uitgesoekte mikro-organismes wat geënt is op 'n geskikte medium wat in 'n anaërobiese atmosfeer saamwerk om die natuurlike balans van enige organiese stelsel te herstel.

Die daaglikse bokasji-program

Die proses om alle huishoudelike afval te herbenut begin in die kombuis. Aanvanklik is twee stelle houers met krane nodig om vloeistof af te tap asook 'n voorraad bokasji wat maklik te kry is by kommersiële verskaffers. 'n Mens kan enige organiese afval gebruik – rou of gekookte vleis, vis, groenteskille, bene, gekookte oorskietkos, kaas, klein flentertjies papier en selfs opgeskeurde kartonne. Strooi 'n 6 cm-laag afval in die houer, druk dit goed vas en sprinkel 'n laag bokasji bo-oor. Herhaal die proses tot die houer vol is. Hoewel die fermenteringsproses anaërobies en heeltemal reukloos is, moet die houer lugdig wees en toegehou word. Bêre vol houers twee weke om die fermenteringsproses te voltooi. Daarna het jy voedselafval met 'n nogal aangename "piekelreuk". Dit kan dan in die tuin begrawe of op die komposhoop geplaas word, of as jy nie 'n tuin het nie, met 'n rein gewete gestort word. Kry die tweede houer aan die gang terwyl die eerste aan die fermenteer is. As jy nie dadelik nut vir die gefermenteerde afval het nie, sal dit in enige lugdigte houer goed bly, sonder om te stink, totdat jy dit kan gebruik.



Earth Probiotic se emmer vir die herwinning van kosafval en bokasji.
www.earthprobiotic.co.za

Bokasji in die tuin

Afgesien van die breër oorsig, is daar talle huishoudelike- en tuinvoordele wat met die gebruik van bokasji en die EM daarin verbind word:

- Werk die gefermenteerde afval direk in die grond in die siertuin in of voeg dit by in vore wanneer groente geplant word. Die mikrobes in die gefermenteerde afval word aan die grond oorgedra en mikrobiese lewe en grondstruktuur baat daarby, wat die plante in staat stel om makliker water en voedingstowwe op te neem.
- Gooi die gefermenteerde afval van kombuisverteerders op 'n komposhoop sonder kommer oor goggas of diere wat die afval uitgrawe. 'n Tradisionele komposhoop breek met behulp van aktiewe EM veel gouer af.
- Die vloeistof, of bokasjisap, wat by die kombuishouers uitloop, is uitstekende bemesting vir pot- of tuinplante as dit met water verdun word.
- Hondebolle kan met bokasji gefermenteer en in die siertuin begrawe word.
- Gooi die probiotiese vloeistof wat by die kombuishouers uitloop, onverdun in afvoerpype en wasbakke. Dit maak dit oop en hou dit reukvry.





Werk saam met die natuur om grond-gesondheid te bou



DIE GEHEIME VIR perfekte **kompos**

Tuiniers droom daarvan om perfekte kompos te maak om hul kosbare plante te voed en te laat gedy. Hoe kry 'n mens dus ryk, swart aardse goud in plaas van 'n stinkende verrottende massa? Hier is ons geheime vir perfekte kompos.

1 Kies die regte houer

Daar is 'n verskeidenheid houers op die mark of jy kan jou eie maak, maar 'n hoop wat op die grond gemaak word, is net so goed. 'n Kis wat van hout gemaak word, moet luggate tussen die houtplanke hê om belugting te verseker en moet nie hoër as 1,5 m wees nie. Twee kiste is ideaal: Terwyl kompos in die een afbreek, word die ander een volgemaak. Bakstene of kleipype aan die onderkant help met lugbeweging. Spasieer hulle ongeveer 10 cm uitmekaar en bedek met houterige plantstingels of klein takkies. Moenie dit op beton sit nie omdat grond onder met belugting en dreinering help.



Hierdie 220-liter komposmaker is gemaak van herwinde materiaal en is duursaam. www.firstdutchbrands.co.za



2 Weet wat groen en bruin goed is

Groen goed is vars groen materiaal soos grassnysels, groenteafval en vars blare wat ryk aan stikstof is. Bruin materiaal is afgevalde blare, strooi, saagsels, versnipperde koerantpapier en dies meer wat baie koolstof bevat. Die verhouding vir goeie kompos is twee dele bruin materiaal tot een deel groen materiaal.

Tot 10% van die materiaal kan grof wees, soos klein stokkies en snoeisels, wat met belugting help en keer dat die materiaal saampak en vaskoek.







3 Dit alles kom in die mengsel

Meng al die groen materiaal saam en kerf op wat te groot is. Maak 'n laag van twee emmers bruin materiaal en voeg een emmer groen materiaal by. Herhaal die proses twee tot drie keer en voeg 'n strooisel komposaktiveerder, gemaalde kalksteen, houtas of beenmeel en 'n handvol grond by. Meng goed.

4 Maak versigtig nat

Die perfekte komposhoop is klam maar nie deurweek nie. Maak 'n nuwe hoop nat met 1 tot 2 liter water wat newelbesproei word.

'n Algemene fout is om te veel water te gebruik. Onthou dat groen materiaal wat dalk nie nat lyk nie tot 95% water kan bevat. Die totale voginhoud moet 60% tot 65% wees (so klam soos 'n uitgewringde spons). Dit is beter vir 'n komposhoop om eerder te droog as te nat te wees – dit sal net langer duur om af te breek.





Gebruik komposaktiveerders om jou kompos aan te jaag.

Biljoene voordelige organismes lewe en is reg om organiese materiaal af te breek.

5 Wees geduldig



Kompos kan binne ses tot agt weke gemaak word, of dit kan 'n jaar of langer duur. Hoe meer moeite gedoen word, hoe vinniger is die kompos oor die algemeen reg. Wanneer die materiaal donkerbruin verkleur het en 'n aardse reuk het, is die komposteringsproses klaar. Die beste is dan om dit nog 'n maand of twee te laat om ryp te word.

Let op die moets en moenies

- Keer dit elke vier tot ses weke om.
- Maak seker die hoop word in nat weer bedek.
- Droë bruin materiaal (byvoorbeeld afgevalde blare) kan onbepaald gehou word. Versamel dit in die herfs en bêre in plastieksakke.
- Immergroen snoeisels en dennenaalde verteer nie goed nie en moet vermy word.
- Vlieë en onaangename reuke dui daarop dat dit nie reg gemaak is nie, gewoonlik met te veel water. Probeer om nog meer droë materiaal by te voeg.
- Skud soveel grond as moontlik van die wortels af voor dit by die kompos gevoeg word.
- Klein stukkies geskeurde koerantpapier of papierhanddoeke kan in kompos gebruik word.
- Gebruik kombuisafval soos vrugte en groente, teesakkies, koffiemoer en eierdoppe, maar vermy diereprodukte en gekookte kos.
- Moenie steenkool en kooksas, katsand, hondebolle of glanstydskrifte gebruik nie.
- 'n Kerwer kan baie nuttig wees vir houterige materiaal.
- Vermy siek plante.
- Komposhope word gemaak deur 'n menigte klein en mikroskopiese diertjies. Hulle is nie plae nie en sal nie die tuin binneval nie.

dds

MAAK 'N
Stapelbare komposmaker

Hierdie slim komposmaker groei saam met jou komposhoop om alles netjies te hou.



Jy het nodig

Snylys vir kca-behandelde heiningplanke (vir vier komposteerderkassies)

Lang kante
16 x 600 mm x 75 mm x 22 mm
Kort kante
16 x 555 mm x 75 mm x 22 mm
Pote
16 x 180 mm x 75 mm x 22 mm
Lang houtklampe vir die draad
2 x 505 mm x 22 mm x 22 mm
Kort houtklampe vir die draad
2 x 400 mm x 22 mm x 22 mm

128 voldraadsnyskroewe (4 x 40 mm)
550 mm x 550 mm -sifdraad

Gereedskap

'n Handsaag, maatband, potlood, kombinasiewinkelhaak, koordlose boor met vierkantige boorpunt, en 'n klamp

1. Meet en sny al die hout volgens die snylys.
2. Lê twee van die kort kante met die lang sye teenmekaar op 'n plat oppervlak. Gebruik 'n 22 mm-stuk afvalhout as spasieerder teen die borand en sit 'n pootstuk daaronder op sy plek. Skroef die poot op sy plek vas. Doen dieselfde aan die ander kant. Herhaal hierdie stap totdat jy agt kort kante met pote het.
3. Klamp 'n voltooide pootgedeelte aan die werkvlak vas. Skroef alkante twee van die langkantstukke mooi gelyk aan die pootgedeelte vas.
4. Klamp nog 'n pootgedeelte aan die werkvlak vas en skroef die voltooide raamwerk gelyk met die kante hieraan vas. Herhaal laasgenoemde twee stappe totdat jy vier volledige kassies het.
5. Maak die onderste kassie klaar deur die houtklampe gelyk met die bokant van die pote aan die raam vas te skroef.
6. Sit die sifdraad op sy plek. (Dit help om die kompos te belug.)
7. Die kassies is nou gereed vir stapel. Begin met die onderste kassie en nog 'n kassie. As die eerste kassie vol is, sit nog een op, en so meer. As jy nie meer plek het nie, kan jy altyd nog kassies maak, of nog 'n komposteerder.

















Erdwurms tot die redding

Die beste manier om organiese kombuisafval om te sit in 'n kragtige tonikum vir plante en grond, is om met 'n erdwurmboerdery te begin.

Erdwurms in die natuur

"Wat is dit dan met hierdie gier oor wurms en wurmplase en hoe kan dit my kostuin baat?" Omdat ek 'n sogenaamde 'wurmboer' is, is dit 'n vraag wat ek gereeld hoor. Om reg te kan antwoord, verwys ek altyd na die natuur en die noodsaaklike rol wat erdwurms speel om gesonde grond as resultaat te hê.



Hierdie Urbalive wurmplasie is beskikbaar by www.tanyavisser.com

Goeie grond, welige plante

Omdat erdwurms so 'n belangrike rol speel moet ons alles doen om hulle na ons groentlappies te lok en dis hóé: Vermy chemiese insekdoders en die praktyk om net te bemes met chemiese misstowwe; moenie aanhoudend omspit nie, dit stel mikro-organismes en erdwurms bloot aan sonlig wat hulle doodmaak; verryk die grond gereeld met kompos en gebruik organiese deklae wat 'n klam en koesterende omgewing vir hulle skep.

Om hierdie goeie praktyke te verskerp, kan jy ook jou eie wurmplasie aanskaf wat vir jou 'n goeie oes van voedingsryke wurmkompos en 'wurmtee' (wurmpiepie) sal gee – hoogs gekonsentreerde voedingstowwe wat jou grond en plante nodig het.



Wat is 'n wurmplaas?

In 'n neutedop is 'n wurmplasie 'n gehokte populasie van spesifieke wurmspesies in 'n doelgemaakte houer met die doel om organiese afval te omskep in skoon en reuklose wurmkompos en donker loog bekend as 'wurmtee'. Jy kan 'n kommersiële wurmplaas koop of self een maak van wat ookal jy op die werf het, soos houtkiste, ou baddens, of dromme. As jy plastiekhouers wil hergebruik, maak seker dat jy genoeg luggaatjies daarin maak. Jy sal eers moet dink oor die spasie wat jy het en die volume van kombuis- en tuinafval wat jy wil verwerk.

Die wurmplaas moet bevolk word met erdwurms wat sal oorleef en aangepas is vir 'n kunsmatige omgewing soos 'n houer. Daar is meer as 3000 soorte erdwurms en net 'n paar van hulle sal goed werk en oorleef in 'n wurmplaas. Dit is hoekom 'n mens nie sommer erdwurms uit die tuin uit kan opgrawe en in 'n wurmplasie kan sit nie. Soos die meeste wurmboere is my wurmplase bevolk met ***Eisenia fetida*** (*red wigglers*) wat organiese afval met 'n gawe spoed omskep in kompos. Volledige wurmplase kan bestel word vanaf verskaffers en jou bestelling sal jong en volwasse wurms en eierkapsules insluit wat almal veilig verpak is in 'n mengsel van organiese materiaal.





Jy kan nou verpakte wurmkompos (Wonder Vita-Boost Vermicompost) koop. www.wonder.co.za

Hoe om jou wurms te voer

Om 'n wurmboerdery optimaal te laat funksioneer moet 'n mens onthou dat elke wurm in staat is om sy eie liggaamsgewig daagliks op te vreet in ideale kondisies. As jy wegspring met 250 g wurms, (sowat 1000 wurms), gaan hulle nie meer as dieselfde gewig in organiese materiaal kan verwerk aan die begin nie. Soos hulle aanteel, sal hulle mettertyd meer en meer afval oorskakel in wurmkompos en loog, en later in staat wees om al jou kombuisafval te verwerk.

Wat om jou wurms te voer

Groen groenteafval en afvalkos
Aartappelskille
Grane
Ou brood, koek en beskuitjies
Pasta
Eierdoppe
Teesakkies en koffiemoer
Papier en karton (nat en opgeskeur)
Die meeste vrugte
Blare wat nie met insekdoders bespuit is nie
Goed verteerde bees-, perde- en hoendermis



MOENIE jou wurms hierdie voer nie

Pynappel
Sitrusvrugte
Uie en knoffel
Vleise en bene
Hondebolle
Suiwelprodukte
Vars saagsels of grassnysels
Geprosesseerde kos met soute en asyne
Ou kookolie
Houtas

Wizzard Worms
Wil jy graag iets doen?
Maak vir jou 'n doel-treffende wurmplaas.
Jy het waarskynlik al die stukke wat nodig is.
GRATIS RAAD EN AANWYSINGS
Kontak Don asseblief by don@wizzardworms.co.za
www.wizzardworms.co.za



Gebruik wurmprodukte so in jou tuin

Onthou dat wurmkompos en die wurmtee of loog (*vermileachate*) uiters gekonsentreerde misstowwe is, so jy het nie so veel daarvan nodig soos gewone kompos om goeie resultate te kry nie. Wurmkompos kan gebruik word as 'n deklaag om gevestigde plante, of bygevoeg word in die plantgate vir nuwe saailinge en jong plante. Wurmtee kan verdun word met water en direk op die blare van plante bespuit word as 'n tonikum, of teen volle sterkte by die grond gevoeg word as 'n grondkondisioneerder.

Hou jou wurmplasie gesond

Wurms het 'n klam, goedbelugte omgewing nodig met 'n temperatuurstrek van15-25° C. Vars kraalmis of grassnysels moet nooit gebruik word nie omdat hulle afbrekingsproses te veel hitte blootstel wat die wurms sal dood. Ingelyks, moet jy seker maak dat jou wurmplasie in die somer in 'n skaduryke plek staan en in die winter liewer binnenshuis bly as jy in 'n baie koue klimaat woon.



Artikel deur Don Blacklaw van Wizzard Worms – www.wizzardworms.co.za.

BOER MET WURMS

Kry bymekaar


'n Gekoopte wurmplasie
Wurms
(Dit kan bestel en by jou deur afgelewer word – ja, selfs die wurms. Wurmboerderye is in verskillende ontwerpe te kry en word van verskillende materiale gemaak. Sommige bevat 'n reeks laaie of kompartemente met gate onder in vir die erdwurms om deur te migreer. Die grootte van die wurmboerdery word bepaal deur die hoeveelheid en soort organiese materiaal wat verwerk moet word, en jou begroting.)
Kombuisafval
Strooi
Koerantpapier

Maak só

1. Sit 'n laag koerantpapier onderin die houer en 'n laag strooi bo-op.
2. Sit die wurms in en voer hulle sommer die boks waarin hulle gekom het.
3. Gooi 'n koppie kombuisafval by en maak seker jy oorvoer hulle nie tot hulle begin vermeerder nie.
4. Bedek die wurms met 'n laag nat koerantpapier. Sit 'n beker onder die kraan om die wurmuitloogsel op te vang.
5. Sit jou wurmboerdery op 'n beskutte plek uit die son.
6. Wanneer jou houer vol is, skei die wurmkompos van die wurms en sit die wurms terug in die houer om die proses te herhaal.









KWEEK MEER PLANTE

Om steggies te maak is lekker en maklik, en jy kan gebruik wat jy in jou tuin het. Dit spaar jou geld en is goed vir die siel.



SAGTEHOUTSTEGGIES

Plante wat op dieselfde manier voortgeplant kan word, sluit in leonotis, hypoestes, phygelius, begonias met rietagtige stingels, justicias en salvias.



STAPPE SAGTEHOUTSTEGGIES



Sny die eindgroeipunte met vier tot ses pare blare aan af voor die fuchsiabos afgesnoei word.



Berei die steggies vir plant voor deur twee of drie pare van die onderste blare met 'n skerp snoeiskêr of knipmes af te sny. Sny die oorblywende blare in die helfte deur om die transpirasietempo te verminder.



Sny die onderkant van die steggie 5mm onder 'n gekose knoop af. Probeer om al die steggies ongeveer ewe groot te maak.



Doop die punte van die steggies in water en dan in bewortelingshormoonpoeier vir sagtehoutsteggies. Skud die oormaat poeier af.



Plant die steggies in 15cm-potte wat met 'n mengsel van een deel veenmos en een deel growwe riviersand gevul is. Plaas 10 tot 15 steggies in elke pot. Begrawe hulle tot by die eerste stel blare.





'n Spesiaal geformuleerde hormoonpoeier wat beworteling van sagtehoutsteggies verhaas. www.mahkro.co.za

Gee water as die werk klaar is en plaas die steggies in 'n kweekhuis of in die tuin op 'n plek met ligte skadu. Hou hulle die hele tyd egalig klam. Beworteling duur gewoonlik vier tot ses weke. Plant jou fuchsias dan in afsonderlike potte uit voor jy hulle in die tuin uitplant.



HARDEHOUTSTEGGIES

Oor die algemeen is houtagtige struike met sterk rietagtige stamme wat 'n volle groeiseisoen agter die rug het, die ideale kandidate om voort te plant met hardehoutsteggies. Sulke plante sluit in inheemse wilgers, platane, rose, Kaapse meidoring, weigela, vye, granate en hibiskus.





So van hibiskus gepraat, Malanseuns het 'n nuwe reeks van pragtige hibriede. Kyk op www.malanseuns.co.za en vra jou plaaslike kwekery om hulle in voorraad te kry.

STAPPE HARDEHOUTSTEGGIES



Oes die steggies van geskikte moederplante. Ons het ***Hibiscus rosa-sinensis*** gebruik.



Gebruik 'n skerp, skoon snoeiskêr om elke afsonderlike steggie voor te berei.



Maak hulle met tou of groot rekkies in bondels vas. Etiketteer hulle met 'n naam en plantdatum.




Dynaroot-hormoonpoeier stimuleer wortelvorming van steggies.
www.starkeayres.co.za



Doop die onderkant van die steggies in bewortelingshormoonpoeier. Gebruik die sterkstes vir hardehoutsteggies.



Plant die verskillende bondels in 'n bak vol fyn gruis of riviersand. Maak seker dat die boonste derde van die steggies bo die sand uitsteek. Begrawe die onderste twee derdes van die stingellengte.





Benat deeglik en hou op 'n beskutte plek om wortel te skiet of wondweefsel te vorm voor dit in die laatlente uitgeplant word.



Werk lekker met 'n stel handgereedskap van KLB Engineering. Die stel sluit in 'n snoeiskêr, 'n vlekvrye staal-handgrafie met 'n houthandvatsel en tuinhandskoene.

www.klbengineering.co.za

WORTELSTEGGIES

Voortplanting deur middel van wortelsteggies is ‘n eenvoudige en effektiewe manier om meerjarige plante met sagte, vlesige wortels te vermeerder. Voorbeelde sluit in ***Acanthus mollis*** (wilde rabarber), ***Phlox paniculata*** (meerjarige floksies) en ***Anemone japonica*** (Japannese anemone).



Acanthus mollis



Phlox paniculata





Anemone japonica

STAPPE WORTELSTEGGIES



Grawe die hele plant uit of verwyder geskikte wortels van plante wat in die tuin groei. Die beste wortels is dik (verkieslik dikker as 5mm in omtrek) naby die kroon van die plant.



Was al die grond van die wortels af.



Verwyder al die fyn worteltjies sodat net die dik vlesige wortels oorbly. Sny hulle in seksies van 5-10 cm lank in die geval van baie dik wortels en 7-12 cm lank as die wortels dunner is.



Plaas die voorbereide stukkies wortels in 'n medium van gelyke dele riviersand en veenmos in 'n diep kissie.



Bedek die wortels met dieselfde groeimedium met 'n laag van 10-15 mm dik.



Druk ferm vas met 'n houtblokkie.



Maak goed nat sodat die wortels knus in die grondmedium kan tuis voel.



Plaas die kissie met wortelsteggies in 'n beskutte skaduplek. Hou hulle redelik droog tot jy groei sien uitspruit. As die grondmedium te nat gehou word kan die steggies verrot.



BLAARSTEGGIES

Het jy al ooit gewonder hoe om meer plante van jou baie geliefde ***Begonia rex*** (koningsbegonia) te maak? Wel, as jy 'n welige en gesonde plant het wat 'n blaar of twee kan afstaan, beproef hierdie twee interessante maniere waarvolgens die are van 'n enkele blaar gou tot nuwe bewortelde plantjies kan lei.



STAPPE BLAARSTEGGIES



Berei die grondlose medium voor deur palmveen (wat vooraf in ŉ emmer water deurweek is, uitgeswel het) met ewe veel vermikuliet of perliet te meng.



Maak die kissie vol met hierdie klam medium.



Verwyder ŉ gesonde jong blaar en sny die stingel af. Maak met die mes 1 cm lange snitte al met die sterkste are langs in die omgedraaide blaar.



Druk die blaar met die gesnyde kant na onder op die bewortelingsmedium vas. Steek dit vas met skuifspelde wat gebuig is om soos haarnaalde te lyk.



Sit die kissie in die deursigtige plastieksak op ŉ helder plek, maar uit direkte sonlig.



Blaas die sak op sodat dit nie aan die blare raak nie, druk ŉ paar klein gaatjies in en bind dit toe.



Voeg perliet by om die groeimedium ligter te maak en dreinering te verbeter.
www.tanyavisser.com

KLIK

Klik hier om te sien hoe dit gedoen word op

garden TUBE



Sodra ŉ klomp plantjies uit die gesnyde are ontwikkel, lig hulle versigtig op, verdeel hulle en behou ŉ bietjie medium om elkeen se wortels. Plant hulle in potgrond in afsonderlike klein potjies uit.



3 PLANNE VIR MEER ECHEVERIAS

'n Mens kan nooit genoeg echeverias besit nie! Maar ontspan, jy hoef nie jou eie alie te skop omdat jy nie genoeg van hulle gekoop het toe ons nog kon nie. As jy reeds 'n paar in die tuin of in potte het kan jy maklik nog baie kweek en daar is drie maniere om dit te doen:

1 Kopaf is reg...

Dit klink dalk wreed, maar om volwasse rosette met 'n klein stukkie stam aan af te sny en dan op 'n beskadude plek te los vir die snywonde om uit te droog en 'n kallus te vorm is nie skadelik vir die moederplant nie.

Daarna kan elke roset in klein potjies gevul met 'n mengsel van klam potgrond en riviersand, of selfs grinterige tuingrond geplant word. Wag vir 'n paar dae vir die steggies om tuis te raak voor jy hulle liggies benat. Hou die plantjies in oggendson en middagskadu en gee slegs water as die grond droog voel.

Wanneer jy 'n bietjie weerstand voel as jy liggies aan die steggies trek, beteken dit daar het wortels gespruit uit die stammetjies.

2 Gebruik stamsteggies

As jou echeveria-plante 'n aks langbeen geraak het met lang en draaiende stamme, (dit gebeur altyd) en jy het reeds die rosette afgesny soos hierbo beskryf, kan jy die lang stamme in seksies sny en op hulle sye liggies in die grond in druk waarmee jy 'n saailing kissie of ander houer vol grond gemaak het. Die stamsteggies sal gou wortels spruit en knap daarna sal perfekte miniatuurrosetjies vorm by ou blaarnodes. Weer eens moet die grond net-net klam gehou word en selfs 'n bietjie uitdroog.





Notas

Moenie huiwer om enige van hierdie voortplantingsmetodes te gebruik nie. Echeverias bewortel baie maklik en soms sonder enige hulp. Selfs al rangskik jy 'n paar rosette sommer vir die mooi in leë flessies of bottels op die kombuisvensterbank, sal hulle mettertyd wortels spruit…



3 Doen dit net met blare

Een van die wonders van die vetplantwêreld is om 'n perfekte rosetjie en lang, draderige pienk worteltjies te sien verskyn aan die basis van 'n enkele echeveria-blaar.

Nadat jy elke individuele blaar van 'n geil roset afgetrek het, laat lê hulle bloot op 'n laag koerantpapier in die skaduwee vir 'n paar dae om die blaarbasisse te laat uitdroog. Hulle kan dan óf horisontaal op klam grond in 'n kissie óf pot uitgepak word, of vlakkerig regop 'geplant' word agter mekaar se 'blaaie'soos die 'boeke' van 'n konsertina. As jy dalk hormoonpoeier het, druk die blaarbasisse eers daarin voor hulle grond toe gaan – dit verhaas beworteling.




PRETPROJEK

Lego voëlvoerder


Dit is ŉ wonderlike handwerkie vir kinders of ŉ manier om daardie ou Lego-stukkies in ŉ boks in die motorhuis te benut. Al wat jy nodig het, is stukkies Lego en ŉ plat plek om jou voltooide meesterstuk te sit.



Sit dit in ŉ boom of op jou patio.



Bou ŉ rand buiteom op ŉ wye basis vir die voëls om op te staan.



Laat ŉ bietjie plek binne die rand oop en bou jou Lego-huis met vensters en vensterbanke om meer saad binne-in te sit en meer plek vir die voëls om te gaan sit.





PRETPROJEK

Koekpanne-voëlvoerder

Mense wat van bak hou (of oudbakkers met ekstra toerusting) sal van hierdie selfdoenprojek hou, en dit is verreweg die vinnigste en maklikste op die lys. Hierdie koekpanvoëlvoerder is oulik om buite jou kombuisvenster op te hang.









Draai tou om 'n houtblokkie en trek die tou deur die gat in die koekpan vir ophang.
Maak die pan vol voëlsaad.

PRETPROJEK

Teekoppie-voëlvoerder

Bring 'n bietjie *Alice in Wonderland*–speelsheid na jou tuin toe deur hierdie andersom teekoppievoëlvoerders in die bome in jou tuin op te hang.





Gebruik epoksiegom om die teekoppie op sy kant op die piering vas te gom.



Maak tou of 'n ligte ketting aan die teekoppie se oor vas en hang aan 'n boom op.



Sit voëlsaad in die teekoppie-en-piering wat na buite uitloop.

Ons is almal bewus van herwinning en 'n handige item vir hergebruik is die nederige blikkie. Gebruik skoongemaakte blikkies en goed uit jou tuin uit om oulike houers vir jou kosbare potplante te maak.

PRETPROJEK

Rustieke blikpotte





Spuitverf die blik om enige plekke wat mag uitsteek te kamoefleer.



Kies rustieke tuinmateriaal wat vir jou mooi is en gom dit stukkie vir stukkie aan die blikkie vas met 'n gomgeweer.



Maak seker dat die materiaal wat jy kies die hele blikkie kan bedek.



Plant 'n vetplantjie of iets anders in jou blikkie en stal trots uit.





PRETPROJEK

Maak jou eie windklokkies

As jy bamboesstokke het wat rondlê na ander tuinprojekte gedoen is, of 'n bamboesplant in jou tuin het, gebruik dit om windklokkies te maak wat jy êrens kan ophang.



Meet en merk die bamboes vanaf die bokant van 'n knoop tot 'n lengte wat jy wil hê. Saag die bokant net bo die knoop af waar die bamboes toe is en die onderkant van die bamboesstok teen 'n hoek. Herhaal die proses met sewe ander bamboesstokke van verskillende lengtes.



Boor 'n klein gaatjie in die bokante van elke bamboesstok om hulle te kan ophang.



Gebruik 'n klein houtblokkie wat die bokant van die windklokkies sal wees en boor 8 pare van 2 klein gaatjies naby mekaar al om die rande.



Sny 8 lengtes dun draad elk 'n paar sentimeters lank en draai 'n knoop om elkeen met 'n stukkie dun nylontou.



Voer die draad deur die klein gaatjie aan die bokant van elke bamboesstok en trek deur om stewig vas te maak.



Bind elke bamboesstok aan die houtblokkie vas deur die tou deur een gaatjie van 'n paar te trek en weer anderkant uit. Meet algaande die lengtes wat jy wil hê en maak 'n stewige knoop. Sny die oortollige tou af. Draai 'n koppiehoek aan die bokant van die houtblokkie in en heg nog 'n stukkie nylontou aan die koppiehoek vas.

Hang jou windklokkies in 'n boom of aan 'n balk op jou patio.



PRETPROJEK

Kokedama

Al wat jy vir jou eie kokedama nodig het, is plante, mos, tou, 'n paar stukkies gereedskap en 'n paar kunsies.

Deur Anna Celliers

Kry die voorkoms...

Die Japanse woord "kokedama" beteken letterlik mosbal, en 'n versameling van dié mosballe wat aan die plafon of die een of ander struktuur hang, word 'n toutuin genoem. Die maak van 'n toutuin met jou eie kokedama is 'n lekker manier om 'n wintermiddag deur te bring en is nie baie moeilik nie (buiten die kere wanneer jy wens jy het meer as twee hande gehad!).

Jy het nodig

Koerantpapier
Tou
Gedroogde mos of klapperhaar
(Die klapperhaar wat gebruik word om hangmandjies uit te voer werk ook.)
Vermikuliet
Waterhoudende korrels
Potmedium
'n Paar meter dun staalkabel
(per meter te kry by hardewarewinkels)
Metaalhulse
Vlekvrystaalskroefhake
'n Sykniptang
'n Tang of krimptang
'n Skêr
Plante na keuse



Gee 'n kokedama water

Haak die plant van sy hangplek los en sit dit in 'n bak halfvol water. Laat dit 'n hele rukkie week en dan behoorlik dreineer voor dit weer opgehang word. Voer die proses weekliks tot elke tien dae uit in koeler maande en gereelder (hoewel nie meer as twee keer per week nie!) in baie warm weer. 'n Missproeier kan ook gebruik word om die plantblare elke paar dae te bestuif omdat plante soos varings en orgideë van die vogtigheid in die lug hou.



Ek het die sandgrond om die wortels van die vetplant wat ek gebruik het, verwyder en dit vervang deur kommersiële roos- en struikpotgrond(met 'n digter klei-inhoud) met 'n handvol vermikuliet('n ligte waterhoudende medium) en 'n groot knypie waterhoudende korrels te meng. Klam hierdie medium 'n bietjie aan om dit makliker te maak om mee te werk.



Hou die grondmengsel om die wortels van die plant op sy plek deur dit op 'n vel gevoude koerantpapier te sit, daarom te vou en dit hard in 'n bal te druk terwyl jy tou daarom draai.



Druk dan 'n laag gedroogde mos om die papierbedekte bal en draai tou styf daarom. Draai aanhoudend tou om totdat die wortelbal met 'n dik laag mos en tou bedek is en knoop laastens die tou styf vas. (Vislyn kan ook in plaas van tou gebruik word.)



Sommige kokedama-makers gebruik tou om hul voltooide kokedamas op te hang, maar ek het staalkabels vir 'n meer professionele voorkoms gebruik. Sny 'n lang stuk kabel met 'n sykniptang af en knyp dan 'n metaalhuls en 'n skroefhaak aan albei punte met 'n tang of krimptang vas. Haak een skroefhaak in die mosbal en hang die plant met die ander skroefhaak aan die plafon op.

WENK

As jy baie mosballe gaan maak wat bymekaar gaan hang, onthou om die staalkabel in verskillende lengtes te sny om die eindresultaat interessanter te maak.

PRETPROJEK

Almal het name

Kry doodgewone huishoudelike afval en goeters uit die tuin bymekaar om te gebruik om plantetikette te maak. Groot hande kan met die snywerk help, en klein handjies kan die skryfwerk doen. So help ons die pienkvoete met hulle spelwerk en ook om plantname te leer ken.

Kry bymekaar:


Leë jogurtbakkies (goed skoongemaak)
Groterige, gladde klippe
Stewige stokke
'n Skêr
'n Knipmes
Merkerpen (waterbestand)



Stokke

Hierdie takie het sterk hande en 'n skerp knipmes nodig, maar is 'n effektiewe en goedkoop manier om byvoorbeeld steggies te etiketteer. Kerf bloot die baslagie aan die punt van 'n stokkie weg en skryf die plant se naam op die blootgestelde hout met die merkerpen.







Klippe

Gebruik die merkerpen om eenvoudige illustrasies en plantname op die klippe te teken. Dit is 'n goeie geleentheid om die kinders 'n prentjie van die plant te wys wat gemerk gaan word, en ook om hulle iets daaroor te vertel.















Jogurtbakkie

- Gebruik die skêr om die rand van die jogurtbakkie af te sny.
- Knip nou stroke (so breed soos jy wil) uit die kant van die houer.
- Knip 'n skerp hoek aan een kant van elke strook en gebruik die merkerpen om die plant se naam op te skryf. Die etiket kan dan maklik in die grond gedruk word.



Goeie wenk

Wanneer jy iets soos 'n kissie of pot met vars geplante steggies of gesaaides wil etiketteer, onthou om ook die datum wanneer dit gedoen is neer te skryf. Dit sal jou 'n aanduiding gee oor die tyd wat dit geneem het tot ontkieming of beworteling.



PRETPROJEK

Klipkaktus

Kry bymekaar:

Verfkwassies
Kunsvlyt- en akrielverf
Klipgruis
Riviersand of grond uit die tuin
'n Klein kleipotjie
Verskillende groottes gladde klippe

Spoel- en mooi klippe uit jou tuin kan geverf word om 'troeteldiertjies' te wees of sommer net vir die mooi as miniatuurkuns. Jy kan selfs 'plante' maak soos hierdie oulike kaktus…





Gooi 'n lagie klipgruis onderin die pot en vul dit op met sand.



Maak die klippe skoon en verf dit met verskillende skakerings van groen. Laat goed droog word.



Maak nou klein merkies met die akrielverf oral op die klippe om tipiese kaktusdorings te verteenwoordig.



Besluit watter kant van elke klip 'geplant' gaan word en gebruik dan helder verfkleure om klein blommetjies aan die bokant van elke klip te verf.



Sodra die verf goed droog is, druk die klippe in 'n digte groepering in die sand in die pot in.

Nota

Ons het Heritage kunsvlytverf en Rolfes akrielverf vir hierdie projek gebruik, maar enige ander verf is ook goed. Jy kan ook enige kleure gebruik. Daar is nie reëls vir die skep van klipkaktusse nie!



PRETPROJEK

Verf die blikke

Moenie die ashoop vervuil met leë blikkies waarin ingemaakte kos was nie. Verf dit liewer en gebruik as kleurvolle plantpotte.

Kry bymekaar:

Leë blikkies
'n Hamer
'n Lang spyker
Spuitverf in verskillende kleure

Nota

Ons het Rust-oleum Chalked Ultra Matt en Rust-oleum Painters Touch Ultra Cover vir ons blikkies gebruik.



Verwyder die etikette op die blikke en was dit goed skoon.



Bespuit elke blik egalig met die spuitverf en los onderstebo om droog te word.



Gebruik die hamer en spyker om 'n paar dreineringsgate in elke blik te maak.



Maak vol met potgrond en beplant met groentesaailinge of 'n blomplantjie.



PRETPROJEK

Saai mikrogroente

Mikrogroente is baie meer as net 'n foefie en hedendaagse garnering. Die fyne goedjies gee geur aan omtrent enige dis en is veral lekker op toebroodjies saam met enige vulsel. Dis boonop baie gesond vir jou en maklik om te kweek. Saai enige tyd, maar veral in die laatherfs en winter.

Kry bymekaar:

'n Kommersiële kweekhuisie of saadkissie en plastieksak
Palmveen
Saailingmengsel
Wateroplosbare misstof
'n Mengsel van kruie- en groentesaad



Meng een deel palmveen en 1 deel saailingmedium saam. Jy kan sommer potgrond ook gebruik.



Vul die kissie met die grondmedium tot bo.




Saai die saad dig oor die medium. Gebruik 'n mengsel van kruie- en groentesaad vir kleur, geur en tekstuur.



Bedek liggies met meer grond en druk saggies plat.



Gebruik 'n newelsproeier om liggies water te gee.



Sit 'n deksel bo-oor of plaas die kissie in 'n opgeblaaste plastieksak.



StartGro ondersteun jong saailinge en kan gebruik word as 'n hupstoot vir jou mikrogroente. www.ecobuz.co.za

Wenke

Kry meer as een kissie elke week aan die gang vir 'n deurlopende voorraad.

Oes sodra die eerste twee ware blare verskyn en los 'n paar saailinge om 'n bietjie meer lyf te kry vir 'n ander smaakprofiel.

Bolle is in eie reg fassinerend, maar dit raak nog meer opwindend as dit gekombineer word met hidroponika oftewel grondlose kweking. Om bolle in water te kweek, skep 'n binnenshuise vertoonstuk wat terselftertyd 'n prettige wetenskaplike eksperiment raak – jy kan elke stadium van die plant se groei dophou.

PRETPROJEK

Kweek bolle in water



Hoe werk dit?

Om bolle sonder grond te laat groei, vra nie toorkuns nie. Al wat 'n mens benodig, is 'n glas, 'n paar klippies, vars water en 'n bol van jou keuse. Party bolle groei beter binnenshuis as ander – probeer affodille, hiasinte of tulpe. Bolle het nie grond nodig om te blom nie, want hulle het genoeg nutriente (voedingstowwe) om te oorleef, alhoewel nie so lank as in grond nie.

Voorbereiding

Om bolle binnenshuis aan die blom te kry, is die beste manier om die winter-gevoel te beëindig – al verg dit bietjie inspanning. Die bolle moet vir 'n paar maande koud gemaak word om die toestand van winterdormansie na te boots. Dit flous die bolle om te begin uitspruit wanneer hulle verwarm - al is dit nie hul gebruiklike blomtyd nie. Hierdie proses word dwang of forsering genoem en dit is die beste manier om pragtige resultate met die bolle binnenshuis te verkry. Om hulle koud te maak, sit die bolle drie maande voor planttyd in 'n papiersak binne 'n yskas.



Kies 'n houer wat groot genoeg is om die plant te akkommodeer wanneer dit volgroeid is. Om die groeiproses en die watervlak dop te hou, werk glashouers die beste. Enige houer kan egter gebruik word.



Maak die bodem vol klippies of kraletjies om die bolle te anker.



Sit die bolle met die spitskant na bo op die klippies en druk hulle effens ondertoe.



Gooi genoeg water in om net die onderkant van die bolle te bedek.



Bestel bolle aanlyn by www.hadeco.co.za

Sit dit in 'n vertrek met indirekte sonlig en kyk hoe dit groei!

Brockytony Pebbles is liggewig gebakte kleiklippies wat in 'n verskeidenheid kleure beskikbaar is. Bestel aanlyn by www.tanyavisser.com





roetine en nogmaals roetine!

Die vestiging van roetine is nou belangriker as ooit. Vestig dit – en HOU daarby! Dit help om kinders sekuur en veilig te laat voel en dit help ook om hulle tyd konstruktief te benut. Dit laat hulle voel hulle is nie gehok nie, maar grendeltyd is grendeltyd! Liewer dit as hospitaaltyd.

Deur Stephen Smith

Vyf weke (of dalk langer?) is 'n baie lang tyd vir 'n kind om ledig te wees. Onthou die gesegde, ledigheid is die duiwel se oorkussing.

En nee, ons stel nie skool-skool voor nie. Terwyl hulle met "vakansie" is, kan hulle maar ontspan en pret hê; maar terselfdertyd kan daaglikse roetine help om hulle gekoester te laat voel en handig om die huis. Onthou dat omtrent alles nou onseker is en die laaste ding vir 'n jongeling is om onveilig te voel. Roetine sal beslis help om die stres te verlig en om te voel hulle is van hulp in die daaglikse huishouding.



Roetine is gaan oor konstruktiwiteit en dit sluit in, om maaltye voor te berei, oefening, speeltyd, skermtyd (TV, selfoon, ens.) En natuurlik, TUINMAAK!

Opstaantyd, slaaptyd en maaltye asook skoolwerk, kom natuurlik eerste. Moontlik is dit alles reeds in plek, met aanpassings om voorsiening te maak vir geen haas om by die werk en/of skool te kom nie. Moenie in die slaggat trap om enigiemand toe te laat om buitengewoon in die dag te rus of te slaap nie, dit krap gewone slaappatrone om. Volwassenes het ook eietyd nodig en daarom is bedtyd, normale tyd, behalwe miskien hier en daar 'n uitsondering, maar nie 'n gewoonte nie, asseblief.

As die basiese roetines gevestig is, is dit miskien tyd om aandag te gee aan spesiale takies, soos om motoriese vaardighede in te skerp met hand-oog-koördinasie byvoorbeeld balspeletjies, tennis op die grasperk, krieket: gebruik hulle verbeelding, en jou eie natuurlik. Die gesinstyd is baie belangrik, ou stories uit die verlede, onthou-jy-nog, en tyd om na hulle te luister (belangrik!). Fisieke oefening, stillees en slaaptydstories en vermaak jouself – alles het 'n tyd.

Stel 'n weeklikse rooster op sodat elkeen weet wat môre gebeur en die dag daarna en die dag daarna.

En natuurlik – môre maak ons TUIN! Niemand maak elke dag tuin nie, maar 'n deel van sonnige dae in 'n groen omgewing is terapeuties. Dit kalmeer die gemoed en elke bossie wat spat gee genoegdoening, elke plantjie wat water kry, is dankbaar en 'n blom is 'n vreugde en die son op jou gesig! Onthou die middagson is gif. Vroegoggend of skemertyd is die beste.

Idees kom maklik:

Prettake



Sny gras (net tieners natuurlik!)
Hark snysels
Maak kompos
Vul plantpotte
Plant steggies
Gee plante water, as jy mag
Speel in die sand
Oes blomme, vrugte
Maak blommerangskikkings
Vang goggas
Lees en volg 'n ou tuintydskrif

'Wagter' se beurt

Speeltyd met die hond
Opruiming van bv. hokke, slaapplekke
Kosgee van diere
Borsel die hond
Bad die hond


Laat die kinders toe om verveeld te wees

"Gaan speel in die tuin" – bou 'n dorp vir jou karretjies of 'n pophuis met 'n ou kombers"
Pak 'n piekniekmandjie.

Voorbeeld van Dagrooster

7:00	Opstaan en tandeborsel
7:30	Ontbyt in die tuin
8:30 – 10:00	Oefening – draf om die huis
10:00 – 10:30	Tee
10:30 – 11:00	Speeltyd
11:00 – 12:00	Bou 'n legkaart
12:00 – 13:00	Middagete
13:00 – 14:00	Leestyd
14:00 – 15:00	Gesinstyd (wat het jy gelees?)
15:00 – 15:30	Sap, tee en peusel
15:30 – 17:00	Oefen – tennis, krieket, skop die bal
17:00 – 17:30	Opruim
17:30 – 18:30	TV en aandete
18:30	Badtyd
19:00	Bedtyd

Maak 'n plan – Beplan!





Kweek jou lug skoon!

Waarom ons binnenshuise plante nodig het

Deur Madison Moulton



Soos jy dalk opgemerk het toe jy onlangs deur interieurwinkels geloop het, is die natuur 'n baie belangrike ontwerpneiging vir 2020. Verhoogde belangstelling in biofilie – die neiging van die mens om 'n band met die natuur te soek – het gelei tot 'n golf van organiese ontwerpelemente wat in winkels oor die land verskyn. 'n Noodsaaklike deel van dié neiging is binnenshuise plante, en om 'n goeie rede. Die wetenskap onderliggend aan binnenshuise plante toon hoe lewende dekor jou geestesgesondheid en welwees in 'n hoë mate kan bevoordeel.

Juncus effusus 'Spiralis'

Luggehalte

Silwerskoon lug raak 'n luukse in 'n geïndustrialiseerde wêreld. Binnenshuise plante help om gifstowwe uit die lug te verwyder wat met lugbesoedeling, verwe of skoonmaakmiddels verband hou. Vlugtige organiese verbindings (of VOC's) kan 'n konsentrasie van tot tien keer hoër binnenshuis as buite bereik vanweë die skerp chemikalieë wat ons gebruik. Dit kan 'n negatiewe uitwerking op die gesondheid hê, maar net een binnenshuise plant kan help om jou luggehalte te verbeter.

1 PLANT — Een binnenshuise plant kan luggehalte met **25%** verbeter.

5 PLANTE — Vyf binnenshuise plante kan luggehalte met **75%** verbeter.

10 PLANTE — Tien binnenshuise plante kan die **maksimum** voordele in 'n vertrek van 'n gemiddelde grootte (4 m x 5 m) verskaf.

Welwees


Die uitwerking van plante op algehele welwees is goed gedokumenteer. Binnenshuise plante kan 'n positiewe en ontspanne ruimte skep, en stemming, konsentrasie en produktiwiteit verbeter. Die gesegde "minder is meer" geld beslis nie vir die voordele van plante binnenshuis nie. Die uitwerking van een binnenshuise plant op welwees is klein, maar die voordele neem eksponensiaal toe met die getal plante. Vyf plante kan welwees met tot 60% verbeter, hoewel tien plante jou kan help om die maksimum gesondheidsvoordele te kry. Ingewikkelder groottes en spesies lei ook tot meer welwees (en ook dekorvoordele).







Hoeveel plante het jy nodig?

Verskillende vertrekke het verskillende vereistes. Deur jou binnenshuise plante deur jou huis te versprei, kan jy in al die vertrekke skoon lug en positiewe voordele kry eerder as almal bymekaar in een. Dié hoeveelhede is gegrond op middelslag plante van ongeveer 30 cm hoog. Die algemene riglyn is hoe groter die blare en wortels is, hoe meer is die voordele.







Huisplante vir elke kamer in die huis

Laat daar lig wees

Net om jou plante in helder, natuurlike lig uit te stal, laat 'n vertek al klaar mooier en geselliger lyk en dan word hulle die fokuspunte van 'n ruimte. Dit werk veral goed met plante wat glansende blare het wat die lig weerkaats, of baie groot blare het wat die helderheid vasvang. Net soos huisplante 'n vertrek opkikker in daglig, is hulle 'n dramatiese byvoeging in die aand. Lampe kan so geskuif word om skadupatrone te gooi met die blare van jou plante wat die illusie gee van 'n tropiese bosgevoel en rankplante naby lampskerms en hangligte is ewe-eens atmosfeerskeppers.



Deur Madison Moulton en Anna Celliers



Algemene sorg:

Hou die grond klam, en as jy bekommerd is oor te min humiditeit, plaas die potplant op 'n lagie klippies in 'n potpiering met 'n bietjie water in (die plant moenie in die water staan nie). Hou die mooi blare altyd stofvry met 'n klam lappie.



Kallalelie

Die Kombuis

Tropies in die kombuis

Die eksotiese *anthurium* wat eens net in subtropiese tuine en kweekhuise gegroei het is nou 'n gewilde en uiters taai huisplant. Daar is baie kompakte hibriede met groot blompotensiaal om uit te kies. Moenie jou blind staar aan die glansende hartvormige blare en lieflike blomme en dink: "Ag jittetjie, dit gaan nie in my huis oorleef nie!". Net 'n paar basiese truuks doen die ding! Hoë humiditeit (wat daar in 'n kombuis behoort te wees as jy gereeld kook!) en helder lig (nie direkte sonlig nie) is al wat nodig is.



Kruie op die vensterbank

Daar is niks beter as 'n sonnige vensterbank vol geurige kruie nie! Vensters wat noord front is besondere goeie sonvangers, veral met 'n lekker breë vensterbank wat baie potte vol volwasse kruieplante kan dra. Ideaal gesproke sal vyf tot ses ure sonlig (veral oggendson) gaaf wees, maar hou maar net dop dat die grond waarin die plante groei nie vir te lank droog staan nie, en oes die kruie gereeld om hulle bosserig te hou.

Goeie kookkruie is: ment, Pietersielie, tiemie, soetbasilie, grasuie, kerwel, salie, oreganum, marjolein, en roket.

Kies kruie wat nie te woes sal groei in jou binnenshuise kruietuintjie nie.

Sorg ook só:

Voed elke twee weke met 'n wateroplosbare misstof. Moenie te veel water gee nie – een keer per week is genoeg. Hou die grond net klam maar nie sopnat of horingdroog nie.

Die Sitkamer

Mooi op die koffietafel

Sukkulente en kaktusse is ongetwyfeld die seksieste plante en stapelias, met hulle doringrige en vlesige 'vingers' in 'n dofgroen skakering wat soms 'n roesrooi tint kry, is geen uitsondering nie. In die natuur skuil dit in die spikkelskadu van dorre bosruigtes waar dit met onwelriekende blomme bestuiwende vlieë probeer lok. Jy sal dink dis dalk nie 'n goeie idee om 'n plant met 'n stink blom op jou koffietafel te laat groei nie, maar nouja, dis 'n interessante plant wat gesprek uitlok en 'n uiters mooi blom maak. As die reuk jou afsit, sny dit bloot af, maar kyk eers daarna – dis die natuur se lokferomoon om 'n vlieg nader te flankeer. Daarna kan jy die anatomie van hierdie plant in reuklose vrede geniet.



Sorg só:

Gee net 'n bietjie water wanneer dit regtig begin beplooid lyk van die droogte.



Pokon Leafshine is maklik om te gebruik en word gou droog om 'n natuurlike glans aan blare te gee
www.hadeco.co.za



***Sansevieria trifasciata* 'Laurentii'** (Skoonma-se-tong), so genoem vanweë die skerp gepunte blare, staan altyd uit tussen ander sagteblaar binnenshuise plante. 'n Bonus is dat dit baie min water vra en op plekke met medium tot selfs lae ligintensiteit sal groei.

Plante word daaraan geken dat hulle in omtrent enige kleurskema of dekortema pas, maar wil ons hulle sommer net neerplak? Elke binneshuise plant verdien 'n ereplek en die beste manier om dit te bewerkstellig, is om jou binnenshuise versiering en kleurskema te fokus op jou plante.

Spathiphyllum (seilbootjie): Hierdie plant is deur ń studie van NASA oor die waarde van binnenshuise plante, as die beste lugskoonmaker verklaar. Die blink blare en spierwit blomme wat soos seiltjies lyk pas goed aan in moderne dekor. Hou die grond klam en plaas op plekke met lae lugintensiteit – goeie keuse vir slaapkamers en badkamers.

Die Badkamer





Miskien nie die belangrikste vertrek wat versiering aanbetref in die huis nie en eerder funksioneel, maar hoekom nie plante gebruik om jou die tipiese 'spa' atmosfeer met rustigheid en kalmte te gee nie?



Adiantum raddianum (nooienshaarvaring)

Siklame is tipiese winterplante wat binnenshuis vrolike kleur verskaf met hulle pragtige blomme. Plaas hulle in helder lig en gee van onder af water deur die potte in 'n bak met water te plaas. Doen dit slegs as die grond droog voel. Kyk uit vir die nuwe reeks genaamd **'Pipoca'.**

'n Badkamer met die gebruiklike hoë humiditeit van stoom en hitte is 'n perfekte blyplek vir welige varings, mits daar genoeg lig en goeie lugsirkulasie ook is.





Vergroen jou kantoor

Studies het getoon dat plante produktiwiteit onder werknemers verbeter, afwesigheid verminder omdat die werkplek dalk nie voorheen 'n lekker plek was om in te wees nie, en oor die algemeen die gemoedere van werkers kalmeer.

'n Belegging in baie kantoorplante is 'n belegging in jou besigheid. Daar is 'n maar… Kantoorplante moet goed versorg word – moeë, stowwerige, dordroë en duidelike honger plante gaan nou nie juis enigiemand inspireer nie, of hoe!







Nog redes vir kantoorplante

Daar is al baie studies gedoen oor die invloed van 'groen' kantore met interessante bevindings.

- In een studie is bevind dat deelnemers 12% meer positief ingestel is en baie minder stres ervaar in 'n plantryke omgewing.
- Met nadenkende plantkeuses en die korrekte plasing daarvan, kan plante verhittings- en verkoelingskoste verlaag met sowat 20%. Planttranspirasie stel onaanvoelbare klammigheid vry wat wel die humiditeitsvlakke aanhelp tot 'n mensvriendelike atmosfeer met soveel as 30 tot 60%.
- Plante kos baie minder as ander duur dekorelemente en tog is die persepsie daar dat 'n kantoor weelderig en verwelkomend is.
- 'Siek' en benoude kantoorreuke verdwyn met baie binnenshuise plante wat toksiese partikels absorbeer en die lug vars hou.
- As jy nou regtig oorboord wil gaan, kan digte plantskerms baie help om geraas en irritasies in 'n kantoor te verdoesel.

Beaucarnea recurvata

Projek: Groen lessenaar

Tafelterrarium

'n Lewende landskap vasgevang in glas is 'n perfekte manier om jou werkomgewing te 'vergroen'. Dit verg min onderhoud na die plantslag, en skep 'n mini ekosisteem. Vir hierdie terrarium het ons 'n koekstaander met 'n glasdeksel gekies en beplant met ***Fittonia*** spp., ***Soleirolia soleirolii*** (babatrane) en ***echeverias***. Jy kan enige glashouer of selfs deurskynende plastiek gebruik vir 'n terrarium. Dit is 'n interessante manier om nuwe lewe te gee aan 'n ou fles, visbak, blompot, of enige ding wat grond kan hou, deurskynend is, en 'n deksel het of gedeeltelik toegemaak kan word met 'n prop of 'n stuk glas.



Toptien huisplante

Deur Madison Moulton

10

Fittonia

Fittonia is 'n gewilde en klein huisplantjie met kenmerkende are met kontrasterende kleure in silwer, pienk, wit, en groen. Dit het 'n paar spesifieke vereistes omdat dit van gefiltreerde sonlig of gedeeltelike skadu en baie hoë humiditeit hou wat dit ideaal maak vir terraniums.



8

Dracaena 'Lemon Lime'

Die plant word dikwels verwar met 'n palm vanweë sy tropiese voorkoms. Dit is 'n langslewende huisplant as dit goed versorg word. Plaas dit in helder lig en selfs naby 'n sonnige venster as jy kan, en benat elke vier tot vyf dae in die somer en twee keer per maand in die winter. Gebruik hierdie elegante plant in die eetkamer of sitkamer.



9

Phlebodium aureum – Haasvoetvaring

Hierdie varing se ongewone blougroen blare en voorliefde vir lae lugintensiteit maak daarvan 'n gunsteling onder varingliefhebbers. Dit groei welig in vertrekke wat donker kan wees soos badkamers en slaapkamers, maar geniet wel 'n bietjie humiditeit in die atmosfeer. Hou dus 'n newelsproeier byderhand en bespuit dit gereeld met water teen kamertemperatuur.





7

Bromelia

Nog plante vir 'n titsie van die trope binnenshuis, is bromelias. Party is kortlewend, maar verg baie min onderhoud. Hulle floreer in medium tot helder lig en moet een keer per week water kry. Daar is baie verskillende bromelias beskikbaar om in 'n ieder en 'n elk se smaak te val.



6

Peperomia

Die groot verskeidenheid van peperomias met hulle kleurryke en tekstuurryke blare wat boonop verskillende vorms het, sorg dat hulle lieflingplante is vir baie tuiniers. Omdat hulle baie vergewensgesind is wat onderhoud aanbetref, is hulle goeie keuses vir dié wat nou eers begin met 'n huisplantversameling.





Asplenium nidus – voëlnesvaring

5

Nog 'n varing op die treffersparade is die dramatiese voëlnesvaring met sy lang tekstuurryke blare. Net soos ander varingsoorte hou hulle van stoomgevulde badkamers of hoë humiditeit in die nabye atmosfeer. Wees versigtig wanneer jy benat want water in die hart of 'vaas' van die plant kan verrotting veroorsaak. Voëlnesvarings is goeie pasmaats vir bromelias en orgideë.

Anthurium

Anthuriums is weer hoogmode vir hulle unieke, wasagtige blomme. Hulle is ook toegeeflik teenoor verskillende groeitoestande, maar vaar die beste in helder indirekte sonlig. Die plante is beskikbaar in 'n wye reeks van kleure.



3 *Zamioculcas zamiifolia* – ZZ-plant

'n Aanskoulike plant om mee te spog op Instagram is derde op die trefferlys en vir 'n baie goeie rede! Hierdie is 'n droogtebestande plant, wat 'n bietjie verwaarlosing kan verdra en boonop in lae ligintensiteit groei. Dit het ook 'n weerstand teen baie plae en peste. Sluit aan by die #houseplantsofinstagram-familie met jou eie ZZ-plant.





2 *Ficus lyrata* – vioolblaarvy

Die dramatiese vioolblaarvy se hedendaagse gewildheid grens aan dolheid, maar wie kan nou dié dramatiese plant met sy massiewe blare weerstaan? Met helder lig, gereelde water en 'n groter pot so nou en dan, kan hierdie huisplant 'n reusehuisboom word en 'n pragtige fokuspunt in 'n groot vertrek.



1 *Sansevieria* – skoonma-se-tong

Die onvernietigbare skoonma-se-tong is bo-aan my trefferlys vir huisplante. Sansevierias groei in enige lig en kan vir weke sonder water bly. Hulle is maklik om te kweek en beskikbaar in 'n verskeidenheid van loofkleure en -vorms geskik vir moderne leefruimtes. As jy nou verlief geraak het op huisplante, skaf hierdie een eerste aan!

Tuingim

Dit is baie lekkerder (en goedkoper) om te oefen in die privaatheid van jou eie agterplaas as om gim toe te gaan, en jy hoef nie jou rondings in lelike lycra in te dwing nie!

Voor jy begin . .

Tuinmaak in snelrat kan beserings, spierspasma en styfheid veroorsaak. Voor jy met jou tuingimsessie begin, warm eers daardie koue spiere op deur 'n bietjie te strek – dit gee jou kans om te besluit wat jy eerste gaan aanpak. Wissel jou tuinoefening af met verskillende aktiwiteite soos snoei, hark, vee, grassny, spit en onkruid uittrek, en bestee ongeveer 15 minute aan elke aktiwiteit om verskillende spiere te oefen. Doen ook 'n paar strek en littelosmaakoefeninge voor jy aanbeweeg na die volgende aktiwiteit.

Onkruid uittrek, plant en spit

Die verkeerde manier

Wanneer jy onkruid in blombeddings uittrek of bolle plant, moenie afbuk met die blink kant bo nie. Afgesien van die feit dat dit 'n skrikaanjaende gesig vir ander kan wees, sal jy jou lae rug genadeloos en onnodig straf.

Die regte manier

- Hurk neer met gebuigde knieë, trek jou maag in en hou jou rug reguit – jy kan selfs 'n paar paddaspronge tussen die blombeddings doen.
- Dit is ook goed om op jou knieë te sit terwyl jy werk. Sommige sê dat om in hierdie posisie te wees terwyl jy met handgereedskap spit en onkruid uittrek, soortgelyk is aan om gewigte op te tel.
- Dit is harde werk om met 'n tuinvurk te spit, en as jy dit te lank doen, gaan jy les opsê! Jy sal nie net die grondstruktuur beskadig nie, maar ook jou lae rug. Maar soms moet 'n mens dit net doen, en dit versterk die geraamte en gee feitlik elke spier in jou liggaam goeie oefening – onthou om jou maagspiere styf ingetrek te hou terwyl jy spit.
-

Spiere wat met hierdie aktiwiteite oefening kry, sluit in dié in die maag, dye, kuite, sitvlak en rug en al die armspiere. Gereelde paddaspronge sal jou hartklop verhoog en jou dyspiere sterk en ferm maak.





Blitswenke

Gebruik 'n kniekussing (te kry by tuinsentrums) om op te kniel of bedek die knieë van jou ou tuindenimbroek met dik lae silikoonjel.



Blitswenke

Gebruik sterk tuinhandskoene wanneer jy hark of vee. As jy die hark neersit om iets anders te doen, onthou dat die skerp tande altyd na onder moet wys.

Hark en vee

Die verkeerde manier

Moenie 'n geboë houding inneem en moenie oorhaastig werk nie. Weerhou jou daarvan om skielike sywaartse bewegings uit te voer, wat jou rug kan seermaak, of om te ver te strek om nog 'n blaar by te kom. Beweeg eerder saam met die gereedskapstuk. Sommige harke en tuinbesems is so swaar en ongemaklik om te gebruik dat dit jou moeg maak na die eerste paar bewegings. Kies ligte gereedskap met handvatsels wat vir jou gemaklik is om te gebruik.

Die regte manier

- Staan regop, trek jou maag in en buig jou knieë as jy afgevalde blare hark, van tuinafval tot kompos optel of die plaveisel skoonvee.
- Gerugte doen die rondte dat hark en vee dieselfde spiere oefen as 'n roeimasjien in die gim. Jy sal die spiere in jou bolyf, maag, skouers en arms voel werk. As jy gereeld afbuig om goed op te tel, sal jy ook voel hoe trek jou kuit en dyspiere.



KREATOR



Slang
- Slanglengte 20m (Ø 1/2")
- Outomatiese terugrol
- Alle kitskoppelings
- Muurophangbaar

KRTGR6710

Spiraaltuinslangstel
- Slanglengte 15m (Ø 3/8")
- Spuitpistool met 7 patrone
- Alle kitskoppelings
- Ekstra 1/2"–3/8"-kraan

KRTGR6703





Spuitstukstel – 4 stukke
- Sproeispuitstuk
- Tuinslangkoppeling 1/2"
- Tuinslangkoppeling 1/2"+ Afsluitkoppeling
- Kraankoppeling

KRTGR6601



Alu-Pistoolsproeispuitstuk
- Outomatiese sluit
- Vloeitempobeheer
- 2 patrone

KRTGR6131



Tuingereedskapstel – 3 stukke
- Snoeiskêr
- Handgrafie
- Handskoene

KRTGR7051



DISTRIBUTED BY REDRHINO PRODUCTS

011 668 1923
www.redrhino.co.za



Regknip, snoei en saag

Die verkeerde manier

Rome is nie in een dag gebou nie, dus moet jy meer as een sessie toelaat om hierdie aktiwiteite uit te voer. Dit is uiters harde werk wat jou kan uitput en spierpyn veroorsaak – die plante wat gesnoei moet word, sal nie die verskil ken nie!

Die regte manier

- 'n Mens gebruik baie energie wanneer jy iets soos 'n heining knip omdat jy onophoudelik beweeg, wat jou skouerspiere, arms en hande oefen. Jy sal ook agterkom dat jou hart vinniger klop en jy kortasem is.
- Gimtoerusting, nes snoeigereedskap, is nie goedkoop nie. Koop die beste, sorg goed daarvoor en hou die lemme skerp. Laat elektriese of brandstofaangedrewe snoeigereedskap gereeld versien deur beroepslui.
- Wanneer jy snoei, rus kort tydjies en dra handskoene om jou hande te beskerm.
- Omdat jy moet buk as jy 'n lae heining knip, kom kort-kort regop om die voortdurende spanning te verlig.
- 'n Hoë heining en lendelam leer kan maak dat jy maande lank in traksie lê! Vra in dié geval hulp by 'n vriend wat ook 'n bietjie tuingim nodig het – en maak beurte om die leer vas te hou, asseblief!

Hoëkwaliteit kettingsaag

Die POWXQG4060 is 'n kragtige petrolkettingsaag met 'n kwaliteit-Oregon-ketting en -350 mm-staaf vir doeltreffende werking. Die maklike aansitstelsel maak dat die enjin moeiteloos aansit met net een trek van die aansitterhandvatsel terwyl die voorvoerbol help om die vergasser vol brandstof te maak. Sodra dit aangesit is, skakel die smoorklep outomaties af. Die kettingsmering word outomaties beheer vir 'n egalige toevoer. Die kettingrem verminder die risiko van besering weens terugskop, en die masjien is met 'n teenvibrasiestelsel toegerus om dit vir die operateur geriefliker te maak. Dit word ook met 'n hoëkwaliteitseilsak vir berging verskaf.



Herfsskoonmaak maklik gemaak

Die POWDPG7525 koordlose blaarblaser bied jou die krag en vryheid om oral in die tuin te loop. Dit is toegerus met 'n borsellose en onderhoudvrye motor, en die lae vibrasies waarborg jou gerief. Boonop maksimeer die hoërendementmotor die looptyd en lewensduur.

Die blaarblaser blaas blare teen 'n maksimum spoed van 185 km/h met sy turboknop, en 'n nuttige spoedsluithefboom laat jou toe om die blaarblaser te werk sonder om die sneller in te hou. Die groot blaasbuis kan afgehaal word vir kompakte berging. Dit maak gebruik van die 20 V/40 V-laaier en die 40 V Dual Power-battery.



www.klbengineering.co.za



Hierdie handige kruiwaverlengstuk is maklik om aan te bring en verdriedubbel die kapasiteit van jou kruiwa. www.tanyavisser.com

Algemene wenke oor veiligheid

- Drink baie water terwyl jy tuingim doen.
- Hou 'n hoed op jou kop en beplak jou met sonskerm.
- Dra gemaklike lospassende klere en skoene.
- Moet nooit serpe, juweliersware of los kledingstukke dra wat aan tuingimtoerusting soos kraggereedskap kan vashaak nie.
- Oppas vir geroeste spykers en gladde, mosbedekte paadjies.



'n Trogmandjie maak tuinmaak makliker – bestel aanlyn by www.tanyavisser.com

Grassny en kruiwastoot

Die verkeerde manier

Grassny op 'n masjien soos 'n trekker met 'n gemaklike sitplek en die musiek van jou Slimfoon in jou ore sal jou net soveel oefening gee as om luilekker op die stoep te sit. En die gesukkel om 'n oorlaaide kruiwa te stoot net omdat jy te lui is om 'n paar ekstra vragte aan te ry, sal sy tol op jou rug eis wanneer jy eendag kinds is.

Die regte manier

- Die sny van 'n middelgroot grasperk met 'n stootgrassnyer het net soveel waarde as 'n vinnige stappie om 'n paar blokke in jou buurt of om tyd op 'n vervelige trapmeul in die gim deur te bring. Die verskil is dat met tuingim, jy bome en blomme vir geselskap om jou het, terwyl jou rug, been- en armspiere hard werk en jou hart soos 'n trom klop.
- Kyk eers of daar "fopmyne" soos klippe, gekoude hondebene en klein stukkies speelgoed op die gras rondlê voor jy flink rondloop en grassny – dit is ook geestelike voorbereiding vir die taak om die ding aan die gang en glad aan die werk te kry!
- Stel die masjien se handvatsels om by jou lengte te pas sodat jy regop kan loop met jou maag ingetrek. 'n Geboë grassnysessie sal jou nek en rug seermaak.

Blitswenke

Dra stewige, toe skoene, anders verloor jy dalk 'n paar tone. Moet nooit 'n swaar gelaaide kruiwa trek nie omdat jy jou balans kan verloor terwyl dit omval – dit is gemaak om gestoot te word!



Oleo-Mac



Struikruimer 753T
- 2.1 kW
- 52 cc
- Professioneel

Kettingsaag GS650
- 3.5 kW
- 63.4 cc
- Professioneel





Blaser BV300
- 30 cc
- Chroomsilinderkop

VERSPREI DEUR REDRHINO PRODUCTS

011 668 1923
www.redrhino.co.za



Kweek ’n Vierkante voet medisynetuin

Die vierkante voet-tuinplan is perfek vir kruie met medisinale gebruike. Dit neem nie baie spasie in nie en sal jou en jou mense gesond hou.

Deur Stephen Smith




Hierdie is ‘n eenvoudige tegniek maar baie slim uitgedink. Maak ‘n opgeboude bedding van 1m x 1m, en verdeel dit in nege ewe groot blokke wat net ‘n bietjie groter sal wees as een vierkante voet. Die diepte van die opgeboude bedding moet ten minste 15cm diep wees om die plante se wortelstelsels te kan akkommodeer.



www.atlanticfertilisers.co.za

Vul die opgeboude bedding met goeie grond soos ‘n mengsel van kompos en leemgrond, of potgrond. Voeg ook by ‘n stadig-vrystellende misstof soos **Atlantic Bio Ganic All Purpose**.

Elke vierkant kan nou beplant word. Ons het gedink aan ‘n lys van nege kruiesoorte wat geil en maklik sal groei in die bedding, maar belangriker, gesondheidsvoordele vir jou en jou familie kan inhou. Ons het ook seker gemaak dat die plante ook ander gebruike het, soos dat hulle ornamenteel is, en ook in die kookkuns gebruik kan word. Dis vir jou om op verskeie maniere te geniet en te gebruik as jy dalk olik voel.








Die voordeel van die vierkante voet-tuintjie is dat jy baie plante in ‘n klein spasie kan kweek en dit maklik kan onderhou.









Plante wat jy kan gebruik

Salie



Hierdie wyse ou kruid is 'n staatmaker in die Franse en Italiaanse kookkuns. Salie is antisepties, inflammasiewerend en 'n uitstekende raat vir verkoue en asemhalingsprobleme.

Maak 'n infusie om te gebruik as gorrelmiddel vir seerkeel, mangelontsteking of mondsere. Onthou dat om 'n medisinale mondspoelmiddel te gebruik, altyd 'n goeie idee is al is jy gesond, om jou immuunsisteem 'n hupstoot te gee om teen al die kieme te baklei wat via jou mond inkom.

Tiemie



Tiemie is 'n gunsteling in my kombuis vir hoenderdisse en pizzas. Tiemietee is ewe lekker, veral as jy sitroentiemie gebruik met 'n skeutjie heuning daarby.

'n Tiemie-infusie is uitstekend vir die behandeling van seerkeel en brongiale probleme soos asma, hoes en allergiese rhinitis. Een van tiemie se belangrike voordele is dat dit die liggaam help om witbloedselle te maak wat infeksies teëwerk.


Ook handig vir velprobleme en kan selfs 'n babalaas verlig.

Sitroengras

'n Pol sitroengras agterin jou bedding, sal tog te mooi wees aangesien dit aandag trek en maklik een meter hoog kan groei. Die plant hou daarvan om teruggesny te word so jy kan konstant die stele oes vir Oosterse kerries en roerbraaigeregte. Dit stimuleer net nuwe groei. Uit 'n gesondheidsoogpunt kan jy net wen met dié plant – sitroengrastee wat van die blare gemaak word verlig koors en stres (wat ons almal deesdae nodig het!). Die olie is ook handig en veilig om te gebruik as 'n basis omdat dit antisepties is.



Keëlblom (echinacea)



Echinacea is een van die beste vegters teen ons almal se moses, die gewone winterverkoue. Dis bekend as 'n hulpmiddel vir die immuunstelsel en baie effektief wanneer gebruik word aan die begin van infeksies. Dit verlig altyd die ergste simptome van verkoue en griep.

Borrie (cucurma)



Dié plant lyk baie soos 'n gemmerplant (hulle is verwant), maar die goue risoom en geurige aroma van borrie is kenmerkend. Dit is tans 'n hoogmode superkos vanweë 'n skynbare eindelose lys van gesondheidsvoordele. Jy kan dit vanselfsprekend in kerriegeregte gebruik, maar ons gebruik dit in 'goue melk'. Dit word gedoen deur melk warm te maak met 'n bietjie gerasperde borrie, gemmer, 'n knypie kaneel en 'n skeutjie heuning daarby. Die mengsel word vir 10 minute geprut tot die geur, kleur en aroma verdiep het, deur 'n siffie gegooi en dan geniet. Terwyl daar gemeen word dat borrie jou liggaam alles gee wat nodig is, is daar by my g'n twyfel dat dit die immuunstelsel bystaan nie.

Kappertjies



Voeg die blare en blomme van kappertjies by slaai en jy sal lekker vitamien C by jou dieet voeg. Die peperagtige geur is heerlik op koue dae, maar die regte waarde is dat die blare en blomme antimikrobiese funksies het en gebruik kan word om brongiale en bakteriese infeksies van die asemhalingskanaal te behandel. Jy kan die blare en blomme ook gebruik om tee van te maak, en om mee te gorrel as jou keel seer is.

Duisendblad



Duisendblad verdien 'n vierkant aan die agterkant van jou bedding omdat die blomme so mooi is, maar dit het nietemin ook medisinale gebruike. Dit kan gebruik word as bloedstolmiddel vir wonde en bloeiende neuse, en ook as tee om koors en dowwe pyn te verlig. Essensiële olie gemaak van duisendblad kan gebruik word as smeermiddel vir 'n seer bors en gepaardgaande hoes.

Pietersielie



My Ma en Ouma is nooit sonder pietersielieplante nie! Oukei, dit word dalk net deur hulle gebruik as garnering, of in roereier, maar dit is 'n ongelooflike plantjie ryk aan magnesium, yster, kalium, en vitamine A, B en C. Dis moeilik om 'n handvol pietersielie net sommer te eet, want die geur is nogals skerp, maar pietersielietee is heel gaaf en strelend. Dit is interessant om te weet dat die wortels en veral die sade meer kragtig is in terme van medisinale eienskappe.

Gemmer



Dis nie 'n staatsgeheim dat gemmer 'n uiters veelsydige spesery is nie en gebruik word in 'n wye reeks disse en dranke soos gemmerbier, roerbraaie, kerries en tee. Dit het ook talle gesondheidsvoordele. Dit is veral bekend as susmiddel vir naarheid, en help ook met infeksie van die asemhalingskanaal, ongemak met die spysverteringstelsel, en swak sirkulasie as ingespan word as 'n verwarmende tee. Dit word ook gebruik om hoë cholesterol te verlaag.



Kruietees

Die beste kruie vir tees wat jou heeldag laat goed voel

Deur Alice Spenser-Higgs

Niks kan jou laaf soos 'n koppie tee nie, en dis juis waar kruietees groot waarde het. Kruietees moet egter lekker wees – net omdat hulle gesond is, beteken nie hulle moet soos slegte medisyne smaak nie. Die geheim is om die regte kruie te kies, die tee korrek te maak en nie 'n puris te wees nie. Voeg heuning, vrugte , groente of suurlemoensap by om die geur te verbeter.

Die beste van kruietees is dat jy hulle enige tyd van die oggend tot die aand kan drink. Soggens reinig 'n koppie kruietee die gestel terwyl 'n koppie met middagete nuttig is vir 'n bietjie energie of as digestief na 'n ryk maaltyd. 'n Laaste koppie net voor slapenstyd help om die stres van die dag te laat verdwyn.



Opstaantyd

Pietersielie as tee is 'n baie effektiewe reinigingskruid omdat dit die niere ontgif, vitamiene A en C bevat en ook die immuunstelsel versterk. Dit het 'n skoon, aardse smaak en is die beste saam met heuning, appel of selfs wortelsap. Pietersielie groei in die son of halfskadu en hou van ryk, klam, goed gedreineerde grond.



Sitroenverbena het 'n sterk suurlemoensmaak. In plaas daarvan om die dag met warm water en suurlemoen te begin, beproef sitroenverbenatee. Voeg pynappel of appelmentblare by vir ekstra geur. Sitroenverbena groei in volson, hou van ligte grond wat goed dreineer en moet gereeld water kry. Dit is gevoelig vir die koue en verloor sy blare in die winter, maar kan in die lente teruggesny word en sal weer uitspruit.



’n Middagsopie

‘n Energieversterkende tee is ‘n mengsel van **roosmaryn** en **gemmer.** Albei verlig spysverteringsprobleme en stimuleer die bloedsomloop terwyl roosmaryn ook as antidepressant dien. Voeg heuning na smaak by, of selfs ‘n bietjie brandrissie vir die avontuurlustiges. Roosmaryn is ‘n stadiggroeiende, bosagtige meerjarige wat droogtebestand en rypgehard is. Dit groei in volson en ligte grond wat goed dreineer.



Pynappelsalie het geen medisinale voordele nie, maar sy vars pynappelgeur is heerlik en verfrissend. Maak ‘n verkilde tee met pynappelsalie en voeg kruisement-julep by vir ekstra smaak. Pynappelsalie is ‘n bosagtige meerjarige wat 1,5 m hoog en wyd groei met are rooi blomme en lemmetjiegroen blare. Kweek dit in volson op ‘n rypbeskutte plek. Dit hou van klam grond wat goed dreineer.

Vier wenke vir perfekte tees

- Gebruik slegs die gesondste, varsste blare en kneus dit effens voor dit by pas gekookte water gevoeg word. Dit help om die geur vry te stel.
- Porselein of glashouers is die beste – vermy aluminium. Die maklikste manier om meer as een koppie te maak is met ‘n glasdompelkoffiepot. Druk die dompelaar – wat as siffie dien – deur as die kruie genoeg getrek het.
- Gebruik die regte hoeveelheid kruie. Vir ‘n koppie is net ‘n kort takkie met blare nodig en ‘n blom of twee, as daar is. Gebruik een derde kruie op twee derdes water vir ‘n tee of dompelpot.
- Bedek die koppie terwyl dit trek om te keer dat die vlugtige olies van die kruid verdamp omdat dit die versterkende of terapeutiese werking aan die kruid gee. As dit gereed is, giet dit deur en drink dit.

Hoekom is my tee bitter?

Kruietees raak bitter as dit te lank trek. Die algemene reël is hoogstens vyf minute na gelang van jou smaak en die soort kruid. Sterk aromatiese kruie soos roosmaryn en laventel het selfs minder tyd nodig. Dit moet net lank genoeg wees om die lieflike, geparfumeerde geur daaraan te gee.



Alle mentsoorte het dieselfde kweekvereistes: klam, ryk, grond en gedeeltelike skadu. Die plante is dormant in die winter maar skiet weer uit in die somer.

Na die oordaad

Menttees is heerlik verfrissend na 'n swaar maaltyd. Kies uit die volgende geure:

Tuinment en **kruisement** is die twee gewildste mente. Hulle het baie aromatiese diepgroen blare met laasgenoemde wat 'n sterker kruisementgeur het.
Gemmerment het goud-groen bont blare met 'n gemmergeur terwyl **pynappelment** groen-room bont blare met 'n sterk pynappelgeur het.
Kruisement-julep het soetgeurige blare en 'n heerlike vars geur.





Vinkel is heerlik as jy van die smaak van anys hou. Dit is ook 'n spysverteringskruid sowel as 'n lewerversterkmiddel (om al daardie rooiwyn met ete te neutraliseer). Dit is ook 'n wonderlike hulp met gewigsverlies, hoewel jy nie meer as twee koppies per dag moet drink as jy dit gebruik om te verslank nie.

Vinkel vaar die beste in goed gedreineerde of sandgrond en verkies 'n sonnige, beskutte plek in die winter.

Wenk van Phyto-Force

Healing the Natural Way

Muurkruid (***Stellaria media***) is 'n veelsydige eetbare plant, lekker in slaaie en om in omelette, soppe en ander disse te gebruik. Goed vir borsinfeksies, asma en longkwale. Bevat 'n rykdom vitamiene en minerale, en veral vitamien C.





www.healthyliving-herbs.co.za



Soete drome

Kamille, laventel, sitroenkruid en roosmalva is strelende, geurige kruie wat alleen of saam 'n heerlik ligte, geparfumeerde tee maak. Teug aan die tee net voor jy bed toe gaan.

Kamille, veral die blomme, help om stres, angstigheid en spysverteringsprobleme te verlig as dit as tee gedrink word. Dit is 'n mooi, laaggroeiende meerjarige grondbedekker met fyn groen blaartjies en wit madeliefieagtige blomme met donkergeel harte. Dit groei in volson en hou van grond wat goed dreineer.



Sitroenkruid is 'n uitstekende digestief om na 'n maaltyd aan te teug. Die blare het 'n delikate smaak, dus moet jy meer as gewoonlik gebruik vergeleke met sterk kulinêre kruie. Kneus of druk die blare fyn om die suurlemoenagtige geur vry te stel en gooi heuning by vir ekstra geur. Sitroenkruid is 'n laaggroeiende meerjarige (30 cm) wat in klam, vrugbare grond groei en van oggendson en namiddagskadu hou.

Phyto-Force
HEALING THE NATURAL WAY

LAS VAN
SEERKEEL

Phyto-Force Myrrh kan help met die behandeling van verskeie infeksies in die mond en keel, waaronder tandvleissiekte.

Verhoog behandeling tot tien druppels vieruurliks ten opsigte van seerkeel en mangelontsteking. Gebruik as gorrelmiddel asook inwendig gedurende die infeksietyd.

Verkrygbaar by gesondheidswinkels, Wellness Warehouse en Dis-Chem-apteke landwyd, of koop aanlyn op ons webwerf.



phyto-force.co.za

Kreatief buite!

Met meer tyd op hande as gewoonlik en dalk hope 'weggooigoed' wat opstapel soos ons ons huise herorganiseer, hoekom nie kyk wat gebruik kan word om oulike 'tuinkuns' en mooi fokuspunte te skep nie?

Van kombuis na tuin

Ons het 'n paar slim idees om ou huishoudelike items weer in te span en onthou; as dit hol is en grond kan hou, kan jy daarin plant…



Vetplantpastei

Sukkulente soos echeverias en graptopetalums kan ongeworteld in enige houer soos hierdie ou oondpan geplant word en uitgestal word in 'n ereplek op 'n tafel op die patio.



Knus in die koekpanne

Epifiete soos bromelias het nie veel grond (indien enige!) nodig om spoggerig te lyk in die boonste koekpan nie. Onder, is die inheemse aspersievaring – nog 'n tawwe tienie wat jy kan opgrawe uit die tuin uit en verdeel.

Wenk van Phyto-Force

Healing the Natural Way

Soetbasilie is 'n uitstekende bron van vitamien A, C, K, mangaan en yster sowel as magnesium en omega-vetsure. Dit is 'n goeie antioksidant en het anti-inflammatoriese eienskappe.





Kat op die stoof

Selfs 'n afgetrede stoof kan 'n groeiplek wees vir die nederige vygie.



Stal uit op die stoof

Nog 'n manier om 'n ou stoof weer te laat werk – as plantrak.



Boeretroos!

'n Ou koffieketel kook oor met groei!



Waar's Ouma?

Ouma se ou deegskottel is nou gevul met malse malvas en pronk in die sonkamer!



Ou vergiettes daar rond?

Die handige vergiettes of pot, het sommer klaar dreineringsgate in, net reg vir die plantslag.



Selfs die ou wastrog werk...

Ons het eens almal sulke ou wasbakke in die waskamer gehad. As jy nog een het, maak dit staan voor 'n mooi geverfde muur en beplant met enige iets waarop jy die hande kan lê. Hoe voller, hoe beter!



Ditjies en datjies...

Ou huishoudelike ware soos bekers en flesse kan gebruik word om tuisgekweekte plante soos spekbome (***Portulacaria afra***) in groot te maak.



Daar's nie tyd vir stryk nie!

Gister se strykyster is vandag se plantpot…

Tuin-*couture*

Smyt al die ou klere en skoene wat jy nie meer dra nie, uit, maar nie weg nie!


Laat die ‘bootse’groei!

Ou werkstewels is perfekte planthouers, want as hulle voorheen hard gewerk het, sal dit baie gate inhê wat perfekte dreinering aanhelp. Plant daarin.










Te seksie vir my jannas!

Een manier om jou bure te laat weet dat jy nou einde ten laaste genoeg gewig verloor het om nie meer in jou ou jeans te pas nie, is om hulle buite jou heining uit te stal gevul met grond en 'n paar polle ornamentele gras wat jy uit jou tuin opgegrawe het. Dis ook 'n manier om hulle te help om minder na jou te verlang…



Opsikleer jou tuingereedskap

Gereedskap en ander katoeters wat oor die jare so hard saam met jou gewerk het, kan nou kunstig uitgestal word teen 'n muur – dis nostalgiese, vertikale tuinkuns.



Is die kruiwa afgetree?

Kruiwaens wat nie meer alledaagse werkesels is nie, kan oulike 'tuintjies' wees as hulle êrens in die oog geparkeer word en vol blomme, kruie en slaaigoed geplant word. Die wankelrige ou houtleer in die agtergrond is nou 'n gawe rak vir 'n versameling plante in potte.



Bou 'n kleipotman

As jy 'n klomp kleipotte het wat rondlê, bewimpel 'n plan met tou en stokke om 'n oulike kleipotmannetjie (of -vroutjie) te maak. Laat die pienkvoete toe om die potte eers te verf met kunsvlytverf – dit hou hulle lank besig!



Perfekte heinings

'n Heining kan 'n bate in enige tuin wees – veral heinings wat formele ontwerpe het. Daarenteen kan dit ook 'n nagmerrie wees as dit nie reg hanteer word nie.

Snoei van heinings

Snoei of sny heinings dwarsdeur die jaar om hulle fatsoen te behou – hoe minder van die omvang verwyder word met elke snoeisessie, hoe beter is dit vir die plante. Alle heinings behoort so gefatsoeneer te word dat die onderkante 'n bietjie wyer as die bokante is, om te verseker dat die son die onderkante bereik. Die moontlikheid van kaal of dooie kolle teen die basis word so voorkom. Wanneer 'n heining gesnoei word, is dit makliker om by die sykante te begin omdat dit daar met meer gemak reguit gehou kan word. Gebruik bouerstou met pennetjies oor die bokant van die heining om te verseker dat dit daar presies reguit gesny word. Daar is min dinge wat mooier lyk as 'n reguit-gesnyde heining en niks meer onooglik as 'n skewe (golwende) een nie. Jy kan ook belê in 'n hout- of metaalraam om seker te maak dat die heining eenvormig bly. Snoei gereeld elke vier tot ses weke tydens die groeiseisoen. Verwyder so min as moontlik nuwe groei, terwyl jy steeds die vereiste fatsoen en afmetings behou.



Voordat jy begin snoei, maak seker dat jou snoeigereedskap ontsmet, skoon, skerp en gepas is vir die spesifieke taak. So word skade en kneusing aan die gesnoeide stingels verminder.



Die STIHL HSA 25 koordlose heiningknipper is nuttig om klein heinings in stand te hou. www.stihl.co.za



STIHL het 'n reeks koordlose elektriese en petrol-aangedrewe heiningknippers gepas vir enige soort heining. www.stihl.co.za

Plaagpatrollie

Nooi voordelige goggas die tuin in en vra lastige goggas om te gaan.

Slakke



Hierdie vernielende weekdiere is nagaktief en kom onder die bedekking van die nag uit om aan ontbindende materiaal, lewende plante, blomme en vrugte te smul. Bewyse van slak of naakslakskade is flenter blare met groot gate ingevreet, geskulpte rande, of saailinge wat heeltemal van hul blare gestroop is.

Beheer slakke en naakslakke deur hulle snags met 'n flits te soek en in 'n bak seepwater te gooi. Nog 'n metode is om versperrings van eierdoppe of hawermout te maak of plante wat aangeval word met 'n koperskerm te omring. Die koper reageer met die slym wat die slakke en naakslakke afskei en wek 'n elektriese lading op wat keer dat hulle daaroor seil.

'n Verskeidenheid chemikalieë en lokase is by tuinsentrums te koop om slakke reg te sien; die meeste is uiters effektief.



www.efekto.co.za

Plantluise



Een van die algemeenste en maklik uitkenbare tuininsekplae is plantluise, wat ook as bladluise bekend staan. Plantluise val die meeste tuinplante aan en word gewoonlik in groot kolonies op die nuwe groeipunte, blomknoppe of sappige loof aangetref. Hulle kom veral gedurende vroeglente en tot in die somer voor, suig die sap uit plante uit en veroorsaak misvormde blomme en blare. Baie ander plantsiektes word deur hierdie sluwe skepseltjies oorgedra.

Plantluise is meestal ongevleueld, maar sommige kry vlerke as kolonies oorbevolk raak of gasheerplante tekens van stres en verlep begin toon. Dit is gewoonlik maklik om hulle te beheer met een van die talle insekdoders wat vir gebruik teen hierdie plae geregistreer is. Verskillende insekte, waaronder liewenheersbesies en mantisse, maak egter ook op hulle jag.



www.proteksa.co.za

Sitrussilla



Sitrussilla veroorsaak opgehewe pokagtige knobbels aan die bokant van jong blare. Elke knobbel het 'n ooreenstemmende duik of holte aan die onderkant van die blaar – dit is waar die silla in die nimfstadium gevoed het. Hierdie probleem kom gewoonlik by sitrus en verwante inheemse bome soos ***Cussonia spicata*** (boskiepersol) voor. Roofdiere soos liewenheersbesies, goudogies, voëls en spinnekoppe kan help om die sillabevolking te beheer. Die tuinier kan ook help deur miere in toom te hou.

Tensy die besmetting erg is, behoort nóg die vrugte nóg die algemene gesondheid van die boom geknou te word. Organiese insekdoders wat natuurlike piretrien bevat, kan gebruik word om ernstige infestasies te beheer, maar sal ongelukkig ook die meeste van die natuurlike vyande van die silla doodmaak (nes enige nieorganiese insekdoder).

Rooispinmyt



In die somer word 'n vervuiling van rooispinmyt op 'n menigte gewasse en sierplante in die tuin opgemerk. Hulle teel aan en versprei vinnig, is moeilik om te gewaar, en vereis volharding en deursettingsvermoë om te beheer as hulle eers gevestig is. Hou dop vir die onmiskenbare besmettingstekens – verkleuring van die blaarbokant, geen nuwe groei nie en plante wat vaal en kleurloos lyk.



'n Maklike toetsmetode vir rooispinmyt en ander myte is om 'n vel wit papier op 'n knyperbord te sit. Hou die bord onder die plantblare en skud dit met mening. Piepklein spikkeltjies stof en ander afval verskyn op die papier. Bekyk dit noukeurig met die blote oog, of nog beter, met 'n vergrootglas. As jy die klein spikkeltjies sien rondloop, is die plant met myte besmet. Hulle moet beheer word omdat hulle die sap uit die blare suig wat veroorsaak dat die plant se kondisie vinnig agteruitgaan.



Spuit die onderkant van die blare met 'n geskikte mytdoder. Gewoonlik is meer as een toediening nodig om die plaag te beheer.

www.makhro.co.za

Lelieboorder

Hierdie ruspes (motlarwes) wat die oksels van die blare vreet en in die stam intonnel, veroorsaak dat die plante sag word en inmekaarval. Behandel die probleem sodra dit opgemerk word met 'n geregistreerde insekdoder (sipermetrien is hiervoor geregistreer) of dien dit gereeld voorkomende toe voor besmetting. Lelieboorders kan vernietigend wees en dit lyk of dit vererger. Gesonde, goed gevoede plante is waarskynlik minder geneig om aangeval te word.

Wees altyd op die uitkyk na vroeë bewyse van hierdie vernietigende ruspes wat van die lente tot die herfs in kouer klimaatstreke verskyn en heeljaar in warmer streke aktief kan wees. Hulle word maklik aan hul swart-geel gebande lywe uitgeken en word tot 40 mm lank. Hulle word gewoonlik in die blare of stingels van gasheerplante aangetref en die eerste besmettingstekens is dikwels hope gelatienagtige uitskeiding tussen die blare en stamme. Plante wat deur hierdie destruktiewe pes aangeval word, sluit in agapanthus, amaryllis, clivia, crinum, cyrtanthus, haemanthus, narcissus, nerine, ornithogalum en scadoxus.



Poeieragtige meeldou



Dit is maklik om poeieragtige meeldou, een van die oudste swamsiektes wat aan die mens bekend is, uit te ken. Die infeksie veroorsaak 'n wit tot grys poeieragtige swamgroei op die blare, stingels en koppe van plante. Al is die tekens op alle plantsoorte soortgelyk, is die siekte interessant genoeg spesiespesifiek dus sal die infeksie op jou rose byvoorbeeld nie jou druiwe aanval nie. Die goeie nuus is dat poeieragtige meeldou selde noodlottig vir die plant is, maar kan lei tot blare wat vergeel, opkrul, uiteindelik bruin word en afval. Blomknoppe kan ook geraak word wat die opbrengs van groente en vrugte beperk.

Die siekte is meer algemeen in hoë vogtigheid en warm tot matige weer waar die blare droog is in lae lig – dus ongeveer enige tyd gedurende die warmer seisoene.

Dit is noodsaaklik om die siekte vroeg op te spoor om dit te kan beheer. Kommersiële produkte op die mark is dikwels op voorkoming gerig voor die probleem verskyn, of ten minste op die vroegste tekens daarvan. Gebruik 'n swamdoder wat spesifiek vir poeieragtige meeldou bedoel is presies volgens die aanwysings.



www.ecobuz.co.za

Hou die saad van 'n tamatie

As jy die saad van 'n spesiale tamatievariëteit wil hou, druk dit op 'n gebruikte papierservet uit. Laat die saad droog word en sit dit in 'n ou koevert. As dit weer saaityd is, kan jy bloot die servet op die grond sit en met grond toemaak. Die servet sal sommer gou vergaan, maar sal help om 'n klam omgewing tydens ontkieming te skep.



Geen kruietuin nie? Begin nou een...

Kruie is van al die eetbare produkte die maklikste om te kweek en is altyd beskikbaar. Jy hoef jou nie te bekommer oor saaitye, plae of 'n watertekort nie. Dit hou net van son, 'n bietjie water af en toe, en gereelde pluk. 'n Kruietuin kan so eenvoudig wees as vyf of ses potte van jou gunstelingkruie of selfs een of twee op die kombuisvensterbank.



As jy reeds 'n kruietuin het, beproef iets nuuts soos hierdie vrugteslaaiplant (***Solanum muricatum***) vir sy vars, effense soet vrugte. Dit is te kry by Malanseuns – vra by jou plaaslike kwekery om dit vir jou te bestel. www.malanseuns.co.za



Grasperkrande

Een van die belangrikste aspekte van 'n welige, netjiese grasperk is 'n goed belynde rand. Dit kan wees waar die grasperk aan die tuin, inrypad, plaveisel of geboue grens. Probeer om tydens die stiller laatherfs en wintertyd die totale indruk van jou tuin te verbeter deur jou grasperkrande op te knap. Daar is talle maniere om hierdie belangrike taak uit te voer:

- Netjiese en geronde rande word geskep deur stroke gegalvaniseerde metaalplaat soos Perma Edge te gebruik wat in die grond versink word. Dit verseker dat die perkgras nie in die omliggende beddings kan ingroei nie. Meganiese randsnyers kan tot teenaan die metaal sny wat bo die grond uitsteek – www.permaedge.co.za.



Hou jou rande perfek deur staat te maak op gereedskap soos hierdie randsnyer van www.stihl.co.za.

- Sier of plaveistene wat met sement in 'n gelyk reguit lyn gemessel word, maak 'n stewige rand uit en vorm 'n mooi teenstelling met die groen grasperk en grys en wit plante in die blombedding. Maak seker die baksteenrand is diep genoeg versink om te voorkom dat die grassnyerlemme die rand raak.



Voed jou grasperk met 'n produk wat spesifiek vir grasperke bedoel is soos Bio Ganic for Lawns. www.atlanticfertilisers.co.za

Wenke vir die perfekte lappie

- Ondersoek jou grassnyer wat vibreer. 'n Lem wat vervang moet word, vibreer gewoonlik, en as dit veronagsaam word, kan dit jou grassnyer beskadig.
- By petrolgrassnyers word aanbeveel dat die olie na elke 50 uur se gebruik of jaarliks vervang word.
- Raak op 'n verantwoordelike manier van gebruikte enjinolie ontslae deur dit by 'n grassnyerhandelaar of motorwerkswinkel in te lewer. Dit is skadelik vir die omgewing om dit in die drein af te gooi.
- Gras en stof bou onder die grassnyer op. As dit verwyder word, sal jou grassnyer beter gras versamel en sal dit makliker wees om te stoot.
- Kantel petrolgrassnyers altyd agtertoe as die onderstelraam skoongemaak of die lem vervang word om te keer dat olie op die lugfilter uitlek. Trek ook die vonkpropkoord uit om te keer dat die motor per ongeluk aanskakel. Maak by elektriese motors altyd seker dat die kragkoord uitgetrek is.
- Jou gras sal honger wees na die lang winter. Voed dit met 'n misstof wat baie ryk aan stikstof is sodat dit goed kan begin groei. Onthou stikstof is die eerste syfer in die misstofformule. (By 10:1:5 is dit byvoorbeeld 10.)
- Dit is belangrik om jou grasperk in die lente nat te maak as dit nie gereeld reën nie – 25 mm water per week is gewoonlik die aanvaarde norm.
- Maak jou grasperk soggens vroeg nat om verdamping te voorkom.



Perfekte klein ertjies

Beproef dit: RAW Seeds se 'Tom Thumb' is 'n miniatuurbosertjie wat goed is om in houers te kweek of op klein plekkies in die tuin in te druk. Dit word 20 cm hoog, hoef nie opgelei te word nie en die peule kan geoes word as dit baie jonk is of gelaat word om bekwaam te raak vir uitdop. www.rawliving.co.za

Spaar deur jou eie te kweek

Die koste-effektiefste wintergroente om te kweek is Asiatiese blaargroente, blaarslaai, roket en krulkool. Vergelyk die koste van 'n pakkie saad met 'n pakkie geoeste blaargroente in die supermark. Een pakkie blaarslaaisaad (ongeveer R20) verskaf die waarde van vyf maande se groente.

Waarom palmveen gebruik?

Palmveen, wat ook as klapperdop bekend is, is 'n potmedium wat 'n alternatief vir potgrond bied en spog met hoë waterhouding, geskikte belugting en teenswamvoordele.

Palmveen verseker goeie saadontkieming en sterk wortel-, plant- en blomontwikkeling. Sit bloot 'n blok palmveen in 'n emmer en voeg water by. www.starkeayres.co.za









Laat dit uitspruit



As jy jou dag 'n hupstoot wil gee, soek nie verder as die beskeie saad of boontjie nie. As dit uitgespruit het, verskaf dit 'n kraghou van vesel, proteïen, antioksidante en fitovoedingstowwe. Eet dit vars uit jou uitspruiter, vinnig gekook by jou daaglikse maaltye, of by jou gladdejantjie gevoeg. 'n Groot verskeidenheid saad kan vir eet gekweek word. Beproef kekerertjies, mungboontjies, alfalfa (lusern), fenegriek, sonneblomme, lensies, sojabone en swartbone om mee te begin. Lensies en mungboontjies spruit die vinnigste uit.

Hergroei jou groente

Sommige groente hou net aan met gee. Groente wat jy kan hergroei, sluit in vinkel, blaarslaai, seldery, sprietuie, broccoli, roket, beet en krulkool. Sit 'n afvalgroentestukkie in vlak water met die snykant na onder en die blaarkant na bo en vars groen blare sal gou verskyn.



Plant voort in water

Dis pret om plante in glasflesse vol water voort te plant sodat jy kan sien hoe die wortels ontwikkel. Hierdie versameling bottels kan ook 'n dekorelement in jou huis wees.



Kyk hoe om vetplante in water te bewortel

Hou dop en teken in op al ons praktiese hoe-om-te-maak-tuinmaakvideo's.

garden TUBE

KLIK

Hiervan gehou?
Ons het kruiwavragte meer…

Teken in op ons tydskrifte

the gardener magazine

die tuinier tydskrif

GROW to EAT

let's BRAAI

Kom ons BRAAI

Open Gardens OF SOUTH AFRICA

www.dietuinier.co.za